



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

COPYRIGHT AND CITATION CONSIDERATIONS FOR THIS THESIS/ DISSERTATION



- Attribution — You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use.
- NonCommercial — You may not use the material for commercial purposes.
- ShareAlike — If you remix, transform, or build upon the material, you must distribute your contributions under the same license as the original.

How to cite this thesis

Surname, Initial(s). (2012) Title of the thesis or dissertation. PhD. (Chemistry)/ M.Sc. (Physics)/ M.A. (Philosophy)/M.Com. (Finance) etc. [Unpublished]: [University of Johannesburg](https://ujdigispace.uj.ac.za). Retrieved from: <https://ujdigispace.uj.ac.za> (Accessed: Date).

AKADEMIESE SUKSES VAN EERSTEJAAR-
STUDENTVERPLEEGKUNDIGES AAN 'N
VERPLEGINGSKOLLEGE

DEUR

MARTHA JOHANNA SUSANNA WILLIAMS
(NÉE DU PLESSIS)

SKRIPSIE VOORGELê TER GEDEELTELIKE VERVULLING VAN DIE VEREISTES VIR DIE
GRAAD

MAGISTER CURATIONIS

IN

PROFESSIONELE VERPLEEGKUNDE :
VERPLEEGONDERWYS

IN DIE

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

AAN DIE

RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT

STUDIELEIER : DR H.C. KLOPPER

JOHANNESBURG

JULIE 1995

DANKBETUIGING

Ek betuig my opregte dank aan:

- MY EGGENOOT, MICHAEL, EN MY KINDERS, ANDRI, BERNA, ALBERT EN MARIKE VIR HULLE GEDULD, ONDERSTEUNING EN GELOOF IN MY.
- DR. HESTER KLOPPER, MY STUDIELEIER VIR HAAR ONDERSTEUNING, BEGRIP EN BEGELEIDING TYDENS MY STUDIE.
- DR'S. ANN MÜLLER EN GUIZELLE VAN REENEN VIR HULLE HULP MET DIE DATA-INSAMELING EN DATA-ANALISE.
- MY VRIENDINNE, BETTIE BURGER EN BETTIE VAN DER MERWE, VIR HULLE ONDERSTEUNING EN ALTYD GEWILLIGE SKOUERS EN ORE.
- DIE BEVELVOERDER EN PERSONEEL VAN DIE SAGD VERPLEEGKOLLEGE VIR HULLE ONDERSTEUNING.
- WENDY SMIT VIR DIE NETJIESE TIKWERK.
- ELLA VERMEULEN VIR DIE TEGNIESE VERSORGING.
- RONÉLL ECKARD VIR DIE TAALVERSORGING.
- DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE DIENS EN RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT, VIR FINANSIËLE STEUN.

OPGEDRA

AAN

MY

KINDERS

OPSOMMING

Die doel van hierdie studie is om riglyne te beskryf vir die fasilitering van akademiese sukses vir eerstejaarstudentverpleegkundiges aan 'n Verplegingskollege binne militêre milieu. Ten spyte van streng keuringsprosedures, was 34% van die 1994 eerstejaars aan die Verplegingskollege akademies onsuksesvol. Die hoë druipsyfer lei tot groot finansiële verliese vir die Staat.

Hierdie studie word gerig vanuit die Judeo-Christen mens- en wêreldbeskouing en filosofie. Die Verplegingsteorie vir Mensheelijkheid dien as meta-teoretiese vertrekpunt, terwyl die teoretiese aannames berus op die Verplegingsteorie vir Mensheelijkheid en die Model vir Begeleide Selfstudie in die Verpleegkunde (Klopper, 1994). As metodologiese vertrekpunt dien die Model vir Navorsing in die Verpleegkunde (Botes, 1991).

Tydens hierdie studie is die faktore wat die eerstejaarstudent se akademiese sukses beïnvloed het, verken deur middel van 'n fokusgroeponderhoud en literatuurkontrole. Agt stellings is uit Fase 1 gegenereer. Tydens Fase 2 is verdere literatuurkontrole gedoen, en is 'n konseptuele raamwerk beskryf. Uit die geïnfereensieerde data van die fokusgroeponderhoud, literatuurstudie en die konseptuele raamwerk, is riglyne vir die fasilitering van akademiese sukses vir eerstejaarstudentverpleegkundiges in Fase 3 van hierdie studie, beskryf.

Die unieke bydrae van hierdie studie is gesetel in die verkenning en beskrywing van 'n verskynsel in 'n unieke, onontginde konteks, naamlik 'n Verplegingskollege binne militêre milieu.

SUMMARY

The purpose of this study is to describe guidelines for facilitating academic success of first year student nurses attending a Nursing College within a military milieu. In spite of a strict selection process, 34% of 1994 first year students from this Nursing College were not academically successful. This high number of failures leads to great financial loss for the State.

This study is directed from the Judeo-Christian human and world approach and philosophy. The Nursing Theory for the Whole Person acts as meta-theoretical point of departure, while the theoretical assumptions rest with the Nursing Theory for the Whole Person and the "Model vir Begeleide Selfstudie in die Verpleegkunde" (Klopper, 1994). The "Model vir Navorsing in die Verpleegkunde" (Botes, 1991) serves as methodological point of departure.

During this study the factors which have influenced the academic success of the first year student were explored by means of a focus group interview and literature control. Eight statements were generated from Phase 1. During Phase 2 a further literature control was done and a conceptual framework was describe. Guidelines for facilitating academic success of first year student nurses were described in Phase 3 of this study by using the inferentiated data of the focus group interview, literature study and conceptual framework.

The unique contribution of this study is situated in the exploration and description of a phenomenon in a unique unexploited context, namely a Nursing College within a military milieu.

INHOUDSOPGAWE

BLADSY NO

OPSOMMING	i
SUMMARY	ii

HOOFSTUK EEN : 'N OORSIGTELIKE BEELD VAN DIE NAVORSING

1.1	AGTERGROND EN RASIONAAL VAN DIE STUDIE	1
1.2	PROBLEEMSTELLING	4
	1.2.1 SENTRAAL TEORETIESE STELLING	4
1.3	DOELSTELLING	5
1.4	PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF	5
	1.4.1 METATEORETIESE AANNAMES	6
	1.4.1.1 DIE MENS	6
	1.4.1.2 HEELHEID	6
	1.4.1.3 OMGEWING	6
	1.4.1.4 VERPLEEGONDERWYS	6
	1.4.2 TEORETIESE AANNAMES	7
	1.4.2.1 TEORIE&	7
	1.4.3 METODOLOGIESE AANNAMES	9
1.5	NAVORSINGSONTWERP EN -METODE	9
	1.5.1 NAVORSINGSONTWERP	9
	1.5.2 NAVORSINGSMETODE	10

1.6	ETIESE OORWEGINGS	11
1.7	HOOFSTUKINDELING	12
1.8	SAMEVATTING	12

HOOFSTUK TWEE : NAVORSINGSMETODOLOGIE

2.1	INLEIDING	13
2.2	DOELWIT	13
2.3	ORIëntASIE TOT HOOFSTUK	14
	2.3.1 DATA-INSAMELING	14
	2.3.2 POPULASIE EN STEEKPROEF	14
	2.3.3 DATA-ANALISE	14
	2.3.4 VERTROUENSWAARDIGHEID	14
2.4	NAVORSINGSONTWERP	15
2.5	NAVORSINGSMETODE	17
	2.5.1. DATA-INSAMELING	17
	2.5.1.1 VOORBEREIDING VIR FOKUSGROEP	18
	2.5.1.2 FOKUSGROEPONDERHOUD	20
	2.5.2 POPULASIE EN STEEKPROEF	21
	2.5.3 DATA-ANALISE	22
2.6	VERTROUENSWAARDIGHEID	23
2.7	SAMEVATTING	25

HOOFSTUK DRIE : RESULTATE EN BESPREKING VAN
FOKUSGROEPPONDERHOUD EN
LITERATUURKONTROLE

3.1	INLEIDING	26
3.2	DATA-ANALISE	26
3.3	ORIËNTASIE TOT AANBIEDING VAN HOOFSTUK	27
3.4	RESULTATE VAN FOKUSGROEPPONDERHOUD EN LITERATUURSTUDIE	27
	3.4.1 DIE STUDENT	27
	3.4.1.1 AANPASSING	28
	3.4.1.2 MOTIVERING	36
	3.4.1.3 VAKDISSIPLINE	37
	3.4.1.4 SAMEVATTENDE STELLINGS	40
	3.4.2 DIE DOSENT	41
	3.4.2.1 KLASAANBIEDING	41
	3.4.2.2 STUDENTE SE VERWAGTINGE VAN DIE DOSENT	42
	3.4.2.3 SAMEVATTENDE STELLINGS	45
	3.4.3 OMGEWINGSFAKTORE	46
	3.4.3.1 FISIESE FASILITEITE	46
	3.4.3.2 BUIE-KURRIKULÛRE VERPLIGTINGE	47
	3.4.3.3 ONTSPANNINGSGERIEWE	48
	3.4.3.4 SAMEVATTENDE STELLINGS	49
	3.4.4 POSITIEWE ERVARINGS	49
3.5	SAMEVATTING	50

HOOFSTUK VIER : KONSEPTUELE RAAMWERK

4.1	INLEIDING	55
4.2	DOELWITTE	56
4.3	ORIËNTASIE TOT AANBIEDING VAN HOOFSTUK	56
	4.3.1 DATA-INSAMELING	56
	4.3.2 POPULASIE EN STEEKPROEF	56
	4.3.3 VERTROUENSWAARDIGHEID	57
	4.3.4 DATA-ANALISE	57
4.4	INHOUD VAN LITERATUUR	57
	4.4.1 DIE STUDENT	58
	4.4.1.1 AANPASSING	60
	4.4.1.2 MOTIVERING	65
	4.4.1.3 VAKDISSIPLINE	67
	4.4.1.4 KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE STUDENT	68
	4.4.2 DIE DOSENT AS LEERBEGELEIER EN SKEPPER VAN 'N KONTEKS WAT LEER BEVORDER	68
	4.4.2.1 KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE DOSENT	73
	4.4.3 OMGEWING	73
	4.4.3.1 FISIESE FASILITEITE	75
	4.4.3.2 BUIE-KURRIKULêRE VERPLIGTINGE	75
	4.4.3.3 ONTSPANNINGSGERIEWE	76
	4.4.3.4 KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE OMGEWING	76
4.5	DEFINIËRING VAN KONSEPTE VAN DIE KONSEPTUELE RAAMWERK	77
	4.5.1 STUDENT	77
	4.5.1.1 AANPASSING	77
	4.5.1.2 MOTIVERING	78

		vii
4.5.1.3	VAKDISSCIPLINE	78
4.5.2	DOSENT	78
4.5.3	OMGEWING	78
4.5.3.1	FISIESE FASILITEITE	78
4.5.3.2	BUIITE-KURRIKULØRE VERPLIGTINGE	79
4.5.3.3	ONTSPANNINGSGERIEWE	79
4.5.4	VERWANTE KONSEPTE	79
4.5.4.1	AKADEMIESE SUKSES	79
4.5.4.2	INTERAKSIE	79
4.6	SAMEVATTENDE BESKRYWING VAN DIE VISUELE VOORSTELLING VAN DIE KONSEPTUELE RAAMWERK	80
4.7	SAMEVATTING	81

HOOFSTUK VYF : RIGLYNE, GEVOLGTREKKINGS, TEKORTKOMINGE EN AANBEVELINGS

5.1	INLEIDING	83
5.2	DOELWITTE	83
5.3	ORIËNTASIE TOT HOOFSTUK	83
5.3.1	DATA-INSAMELING	84
5.3.2	POPULASIE EN STEEKPROEF	84
5.3.3	VERTROUENSWAARDIGHEID	84
5.3.4	DATA-ANALISE	85
5.3.5	RESULTATE	85
5.4	EVALUERING VAN DIE STUDIE	85

	viii	
5.5	BEPERKINGE VAN DIE STUDIE	87
5.6	AANBEVELINGS	87
	5.6.1 VERPLEEGPRAKTYK	87
	5.6.2 VERPLEEGONDERWYS	88
	5.6.3 NAVORSING	88
5.7	SAMEVATTING	89

BIBLIOGRAFIE	94
---------------------	-----------

BYLAES

BYLAAG 1 :	TOESTEMMING VIR NAVORSINGSPROJEK	102
BYLAAG 2 :	TOESTEMMING VAN DEELNEMERS	103
BYLAAG 3 :	UITTREKSEL UIT GETRANSKRIBEEERDE FOKUSGROEPONDERHOUD	104
BYLAAG 4 :	HOOFKATEGORIE& UIT FOKUSGROEP ONDERHOUD	106
BYLAAG 5 :	KODERING VAN GELYSSTE ONDERWERPE	108
BYLAAG 6 :	TOESTEMMING VIR NAVORSINGSPROJEK	110

LYS VAN FIGURE

FIGUUR 1.1 :	'N MODEL VIR NAVORSING IN DIE VERPLEEGKUNDE	8
FIGUUR 4.1 :	OORGANGPROSESMODEL	61
FIGUUR 4.2 :	ONSUKSESVOLLE OORGANGSPROSES	64
FIGUUR 4.3 :	VISUELE VOORSTELLING VAN KONSEPTUELE RAAMWERK	82

LYS VAN TABELLE

TABEL 1.1	:	NAVORSINGSMETODE	:	FASE 1	10
TABEL 1.2	:	NAVORSINGSMETODE	:	FASE 2	10
TABEL 1.3	:	NAVORSINGSMETODE	:	FASE 3	10
TABEL 2.1	:	MAATREËLS TEN OPSIGTE VAN VERTROUENSWAARDIGHEID			24
TABEL 3.1	:	FAKTORE AANLEIDEND TOT ONSUKSESVOLLE EERSTEJAAR			27
TABEL 3.2	:	RESULTATE VAN FOKUSGROEPONDERHOUD EN LITERATUURKONTROLE			51
TABEL 4.1	:	KONSEPIDENTIFISERING UIT FOKUSGROEPONDERHOUD			58
TABEL 5.1	:	RIGLYNE VIR DIE LEEBEGELEIER VIR DIE FASILITERING VAN AKADEMIESE SUKSES			90

HOOFSTUK 1

'N OORSIGTELIKE BEELD VAN DIE NAVORSING

1.1 AGTERGROND EN RASIONAAL VAN DIE STUDIE

Die doel van hierdie studie is die beskrywing van riglyne vir die fasilitering van eerstejaarstudentverpleegkundiges se akademiese sukses aan 'n verplegingskollege binne 'n militêre milieu.

In Januarie 1994 het 71 (een-en-sewentig) eerstejaarstudente begin met die Vierjaar Diploma wat lei tot registrasie as 'n Verpleegkundige (Algemene-, Psigiatrisiese- en en Gemeenskaps-) en Vroedvrou. Slegs 40 (veertig) (56%) van hierdie studente het aan die vereistes voldoen om met die tweede studiejaar voort te gaan. Dit impliseer dat 24 (vier-en-twintig) (44%) van die beginners onsuksesvol was in die eerste studiejaar. Sewe studente (10%) het hulle studies deur die loop van die jaar gestaak en die beroep verlaat om persoonlike redes.

Die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Diens Verpleegkollege is die enigste verpleegskool ter wêreld binne 'n militêre milieu. Voornemende studente deurloop 'n keuringsprosedure wat begin met 'n "papierkeuring". Dit beteken dat kandidate minstens 'n D-gemiddelde simbool in standaard nege moes behaal het, minstens twee vakke op hoër graad, met Wiskunde, Biologie en/of Wetenskap as aanbeveling, om as moontlike kandidate gekies te word vir die tweede fase van die keuringsproses.

Tydens die tweede fase moet elke kandidaat psigometriese toetse aflê, 'n persoonlike onderhoud met 'n psigometris en 'n volledige mediese ondersoek ondergaan. Daarna verskyn die kandidate individueel voor die keuringspaneel waar die finale keuring plaasvind. Toelating tot die Vierjaar Diplomakursus is onderhewig aan 'n matriek slaag met ses vakke en 'n gemiddelde D-simbool.

Voornemende studente word gekeur op grond van verpleegkundige deugde, sowel as die eienskappe wat van 'n offisier in die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag vereis word. Mellish en Brink (1993 : 57) beskryf die deugsame verpleegkundige student as iemand met intelligensie wat oor die vermoë beskik om studie en praktyk te kombineer, en goeie fisiese-, psigiese- en geestelike gesondheid geniet. Sy/hy het 'n behoefte om ander te help en die wil om 'n sukses van sy/haar studies te maak. Goeie interpersoonlike verhoudinge en 'n sin vir realisme dien as boustene vir professionele ontwikkeling.

Die studentverpleegkundige aan die Militêre Verpleegskool word aangestel as kandidaat-offisier. Dié aanstelling impliseer dat die kandidaat voldoen aan die eise van offiserskap, soos uiteengesit in die belofte wat die studentverpleegkundige aflê tydens aanvaarding van die rang as tweede-luitenant in die begin van sy/haar vierde studiejaar. Die belofte (Hiemstra, 1968:2e.v.) behels die volgende aspekte:

- Lojaliteit teenoor die Weermag en die Republiek van Suid-Afrika.
- Nougesette en ywerige nakoming van pligte en verantwoordelikhede.
- Handhawing van eerlikheid, integriteit, moed, deug en menslikheid.
- Nakoming van die hoogste standaard van militêre dissipline en instandhouding van gebruike en tradisies.
- Respek vir, en trots ten opsigte van die waardigheid van die rang.
- Inspirasie en leiding van ondergeskiktes en gelykes ten opsigte van die nastrewing van waardes.

In die huidige ekonomiese klimaat blyk die opleiding in Verpleegkunde ten opsigte van die Vierjaar Diplomakursus, aantreklik te wees vir voornemende studente, aangesien die hoë studiekoste van universiteite en tegnikon nie van toepassing is op Verplegingskolleges nie. Die kapitaaluitleg vir hierdie studente is beperk tot die aankoop van studiemateriaal en registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging en die Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging, wat opsioneel is. Studente ontvang maandelikse vergoeding vir dienste gelewer, wat terselfdertyd praktykervaring is, terwyl hulle opleiding ontvang. Die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Diens sei begrote uitgawe is R15 360.00 per student per jaar. Dit sluit salaris, beroepstoelae en mediese fonds bydrae in. Indien bykomende koste soos dosente-salarisse, behuising, vervoer, uniforms en blokkie bygereken word, kom die reële koste te staan op R28 000.00 per student per jaar (Fisher, 1995). Die driuipsyfer van eerstejaarstudente is dus nie ekonomies verantwoordbaar nie.

Die navorser verwag dat die hoë driuipsyfer onder eerstejaarstudente in die kort en medium termyn groter mag word. As rede word die volgende aangevoer:

- Die Grondwet, Wet no 200 van 1993, maak voorsiening vir die Handves van Menseregte en dwing aksies af soos integrasie, "regstellende aksies" en gelyke geleenthede vir almal (Reconstruction and Development Program, 1994 : 60). Die diskrepans wat bestaan in die standaard van onderwys, wat veroorsaak is deur gebrekkige onderwys voorsiening aan swart leerlinge (Reconstruction and Development Program, 1994 : 58), uitgerekte stakings deur swart onderwysers en leerlinge, politieke onrus en -oproer en gefragmenteerde onderwysbestuur en -beheer, bring mee dat hoewel voornemende studente oor die toelatingsvereistes beskik, hulle nie dieselfde onderbou het as die blanke matrikulante nie.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Uit die agtergrond en rasionaal word die gevolgtrekking gemaak dat die onaanvaarbaar hoë druipsyfer van 34 % by eerstejaarstudentverpleegkundiges aan die Verplegingskollege, toegeskryf kan word aan:

- Moontlike aanpassingsprobleme (Smith, 1987) wat presenteer in gebrekkige akademiese sukses (Drake, 1989; Fourie, 1990; Monteith, 1988; Jorissen, 1985).
- Die moontlike onoplettendheid van dosente met betrekking tot die vroeë herkenning en hantering van potensiële druipele, mag bydraend wees tot die probleem (Sherrod, Harrison, Lowery, Wood, Edwards, Gaskins en Buttram, 1992; Smith, 1987; Donovan, 1989).

Die navorsingsvraag wat gevolglik gestel kan word is:

Watter riglyne is nodig vir dosente om die akademiese sukses van eerstejaarstudente te fasiliteer?

1.2.1 SENTRAAL TEORETIESE STELLING

Die volgende sentraal teoretiese stelling dien as vertrekpunt in hierdie studie:

Die eerstejaarstudentverpleegkundige sei wyse van interaksie met sy/haar interne en eksterne omgewing, naamlik die Verplegingskollege binne militêre milieu, is 'n moontlike struikelblok in sy/haar strewing na akademiese sukses. Die beskrywing van riglyne vir dosente fasiliteer die akademiese sukses van die eerstejaarstudent.

1.3 DOELSTELLING

Die doel van hierdie studie is:

- die beskrywing van riglyne vir die dosent vir die fasilitering van akademiese sukses by eerstejaarstudentverpleegkundiges aan die Verplegingskollege binne 'n militêre milieu.

Hierdie doel word geoperasionaliseer deur:

- Die verkenning en beskrywing van faktore in die interne en eksterne omgewing van eerstejaarstudentverpleegkundiges wat daartoe bygedra het dat studente hulle eerstestudiejaar gedruip het.
- Die beskrywing van 'n konseptuele raamwerk.

1.4 PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF

Die navorser vertrek vanuit die Judeo-Christen mens- en wêreldbeskouing en filosofie wat gegrond is op Bybelse waardes en beginsels, naamlik die Verplegings-teorie vir Mensheelheid (Randse Afrikaanse Universiteit, 1991). Die volgende aannames verteenwoordig die paradigmatiese perspektief en kan as meta-teoreties, teoreties en metodologies geklassifiseer word.

1.4.1 METATEORETIESE AANNAMES

1.4.1.1 DIE MENS

In hierdie studie verwys mens na die eerstejaarstudentverpleegkundige as nuwelingstudent en die dosent. Beide is heelpersone met 'n interne (liggaam, psige en gees) en eksterne omgewing (Verplegingskollege in die militêre milieu) wat in interaksie is, en strewê na heelheid. Die student strewê om akademiese sukses te behaal en die dosent om deur middel van effektiewe leerbegeleiding en leerklimaat-skepping akademiese sukses te fasiliteer.

1.4.1.2 HEELHEID

Heelheid verwys na akademiese sukses. Die eerstejaarstudentverpleegkundige strewê na akademiese sukses wat gestalte vind daarin dat die student aan die kriteria voldoen om na die tweede studiejaar bevorder te word.

1.4.1.3 OMGEWING

Omgewing verwys na die Verplegingskollege en die kliniese fasiliteite as leeromgewing in 'n groter militêre omgewing. Die wyse van interaksie tussen die interne omgewing van die mens (student en dosent) en die eksterne omgewing (Verplegingskollege in groter militêre omgewing) beïnvloed heelheid (akademiese sukses).

1.4.1.4 VERPLEEGONDERWYS

Verpleegonderwys verwys na die proses van interaksie tussen die nuwelingstudent as volwassene-leerder, die dosent as leerbegeleier en die leerinhoud wat die student deur aktiewe betrokkenheid behoort te internaliseer, ten einde aan die kriteria vir akademiese sukses te voldoen.


Die doel van verpleegonderwys is die voorbereiding van die student tot onafhanklike professionele praktisyn deur leerbegeleiding en die persoonlike en professionele ontwikkeling van die student en dosent.

1.4.2 TEORETIESE AANNAMES

Die volgende teorieë en definisies dien as raamwerk vir die studie.

1.4.2.1 TEORIEë

As teoretiese raamwerk vir hierdie studie dien die Verplegingsteorie vir Menssheid (Oral Robberts University Anna Vaughn School of Nursing, 1990 en Randse Afrikaanse Universiteit, 1991), en die Model vir Begeleide Selfstudie in Verpleegkunde (Klopper, 1994).



FIGUUR 1.1 : 'N MODEL VIR NAVORSING IN DIE VERPLEEGKUNDE (Botes, 1992).

1.4.3 METODOLOGIESE AANNAMES

Die navorser ondersteun die funksionele denkbenadering wat impliseer dat die doel van navorsing, praktykverbetering is. Navorsing kan net effektiewe praktykverbetering tot gevolg hê indien die data wat ingesamel is geloofwaardig is, en die inferensies wat gemaak word verantwoordbaar is. Die finale kriteria vir geldigheid is bruikbaarheid.

As metodologie van navorsing word die Model vir Navorsing in die Verpleegkunde (Botes, 1991b) as raamwerk gebruik (vergelyk figuur 1.1).

1.5 NAVORSINGSONTWERP EN -METODE

1.5.1 NAVORSINGSONTWERP

Binne 'n kontekstueel, kwalitatiewe, verkennende en beskrywende studie word riglyne beskryf vir die fasilitering van akademiese sukses van eerstejaar-verpleegstudente.

1.5.2 NAVORSINGSMETODE

Die navorsing verloop oor drie fases en word skematies as volg voorgestel:

TABEL 1.1 NAVORSINGSMETODE : FASE 1

Doelwit	Data-insameling	Populasie en Steekproef	Vertrouenswaardigheid	Data-analise
Verkenning en beskrywing van faktore wat bygedra het tot onsuksesvolle eerste studiejaar, soos deur eerstejaardruipelinge geverbaliseer is.	fokusgroep-onderhoud wat getranskribeer word. Sentrale vraag word gestel.	<u>Populasie:</u> Alle eerstejaardruipelinge in Verplegingskollege. <u>Steekproef:</u> Doelgerigte 100 % steekproef. N = 15	Guba sel model (in Lincoln en Guba, 1985).	Volgens die metode van Tesch (Creswell, 1994).

TABEL 1.2 NAVORSINGSMETODE : FASE 2

Doelwit	Data-insameling	Populasie en Steekproef	Vertrouenswaardigheid	Data-analise
Beskrywing van 'n konseptuele raamwerk.	Konseptidentifisering uit fokusgroep resultate en literatuur-kontrole.	Alle relevante internasionale en nasionale literatuur. N = 50	Guba sel model (in Lincoln en Guba, 1985).	Literatuur-analise.

TABEL 1.3 NAVORSINGSMETODE : FASE 3

Doelwit	Data-insameling	Populasie en Steekproef	Vertrouenswaardigheid	Data-analise
Beskrywing van riglyne vir die dosent.	Geinferensieerde data uit fokusgroep, literatuur en konseptuele raamwerk.	Data uit Fase 1 en 2.	Guba sel model (in Lincoln en Guba, 1985)	Deduktiewe en induktiewe logika.

1.6 ETIESE OORWEGINGS

Die volgende etiese beginsels is nagekom, soos uiteengesit in die Standpunt Memorandum vir Etiese Standaarde vir Verpleegkundige Navorsers (Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging, 1991 : 1-7).

Ingeligte toestemming is verkry vanaf die respondente. Ingeligte toestemming behels skriftelike toestemming tot vrywillige deelname aan 'n navorsingsprojek deur geselekteerde deelnemers, na kennisname en goedkeuring van die volgende aspekte:

- Die spesifieke aard van die deelname.
- Die doel van die navorsing.
- Die navorsingsmetode wat gevolg gaan word.
- Die duur van die studie.
- Die tipe deelname wat van respondent verwag word.
- Hoe resultate gebruik gaan word.
- Die identiteit van die navorser.
- Die wyse waarop vertroulikheid en privaatheid verseker gaan word (Bylae 2).

Ingeligte toestemming is ook van die owerhede verkry, naamlik die Direkteur Verpleging via die Bevelvoerder van die Verplegingskollege (Bylae 1).

1.7 HOOFSTUKINDELING

Die verloop van hierdie studie word in vyf hoofstukke uiteengesit:

HOOFSTUK EEN : OORSIGTELIKE BEELD VAN DIE NAVORSING

HOOFSTUK TWEE : NAVORSINGSMETODOLOGIE

HOOFSTUK DRIE : RESULTATE EN BESPREKING VAN FOKUSGROEP-
ONDERHOUD EN LITERATUURKONTROLE

HOOFSTUK VIER : KONSEPTUELE RAAMWERK

HOOFSTUK VYF : RIGLYNE, GEVOLGTREKKINGS,
TEKORTKOMINGE EN AANBEVELINGS

1.8 SAMEVATTING

In hoofstuk een is 'n oorsigtelike beeld geskets ten opsigte van wat hierdie studie behels, naamlik die rasonaal van die studie, die probleem- en doelstelling, die paradigmatische perspektief, die navorsingsontwerp en -metode, die etiese oorwegings en die hoofstukindeling.

Hoofstuk twee verteenwoordig die beskrywing van die navorsingsmetodologie wat gevolg word in hierdie studie.

HOOFSTUK TWEE

NAVORSINGSMETODOLOGIE

2.1 INLEIDING

Navorsingsmetodologie verwys na die proses wat deur die navorsor gevolg word met betrekking tot die beplanning en implomentering van die studie ten einde die navorsingsdoel te bereik (Burns en Grove, 1987 : 228). Die proses behels die besinning oor, en motivering ten opsigte van die strategie wat gevolg gaan word, wie die teikenpopulasie is, hoe steekproefneming plaasvind, die metode(s) van data-insameling en data-analise en die maatreëls wat getref is om vertrouenswaardigheid te verseker.

Die uiteindelijke doel van navorsing is praktykverbetering, aldus die funksionele denkbenadering (Botes, 1991 a : 19). Die doel van hierdie studie is die beskrywing van riglyne vir die fasilitering van akademiese sukses by eerstejaarstudent-verpleegkundiges (vergelyk punt 1.3).

As riglyn vir navorsingsmetodologie word die Model vir Navorsing in die Verpleegkunde (Botes, 1991a) vir hierdie studie gebruik (vergelyk figuur 1.2).

2.2 DOELWIT

Die doelwit vir hierdie hoofstuk verteenwoordig fase een van die studie, naamlik:

- die verkenning en beskrywing van faktore in die interne en eksterne omgewing van eerstejaarstudentverpleegkundiges wat daartoe bygedra het dat studente hulle eerste studiejaar gedruip het.

2.3 ORIËNTASIE TOT HOOFSTUK

Die doelwit word geoperasionaliseer deur:

2.3.1 DATA-INSAMELING

Data-insameling geskied deur middel van 'n fokusgroepbespreking en die fasiliteerder se veldnotas. Die fokusgroepbespreking word volledig bespreek in punt 2.5.

2.3.2 POPULASIE EN STEEKPROEF

Die populasie word verteenwoordig deur alle eerstejaardruipelinge in die Verplegingskollege.

Die steekproef is doelgerig geneem, en sluit die eerstejaardruipelinge in wat aan sekere kriteria voldoen (vergelyk punt 2.5.2).

2.3.3 DATA-ANALISE

Data-analise word uitgevoer volgens die metode van Tesch (in Cresswell, 1994 : 154-155) en beskryf in punt 2.5.3.

2.3.4 VERTROUENSWAARDIGHEID

Vertrouenswaardigheid is sinoniem aan die terme, geldigheid en betroubaarheid wat in kwantitatiewe studies gebruik word. Vanweë die kwalitatiewe aard van hierdie studie word vertrouenswaardigheid vanuit die perspektief van Lincoln en Guba (1985) benader (vergelyk punt 2.5 en tabel 2.1).

2.4 NAVORSINGSONTWERP

Die navorsingsontwerp is die oorkoepelende plan of protokol vir navorsing, aldus Wilson (1989 : 133). Die Model vir Navorsing in Verpleegkunde (Botes, 1991b) dien as metodologiese raamwerk vir hierdie studie (vergelyk 1.4.3).

Die navorsingsontwerp wat vir dié studie gevolg word, word beskryf as 'n kwalitatiewe, kontekstuele, verkennende en beskrywende strategie. Die volgende verduideliking word uit literatuur aangebied en toegepas op hierdie studie.

- **Kwalitatief**

Volgens Burns en Grove (1987 : 75) is die doel van kwalitatiewe navorsing om insig te verkry in die betekenis van 'n bepaalde verskynsel.

Mouton en Marais (1992 : 72) bevestig hierdie stelling as hulle die rol van die kwalitatiewe navorser beskryf dat hy/sy probeer om die persone wat bestudeer word, in terme van hulle definisies van hulle leefwêreld en hulle persepsie van hulle konteks te verstaan.

In hierdie studie word gepoog om deur middel van refleksie deur eerstejaardruipelinge, faktore te identifiseer wat daartoe bygedra het dat hulle akademies onsuksesvol was in die eerste studiejaar. Die druiplingstudent, as kundige van sy/haar eie leefwêreld, se beskrywing van sy/haar ervaring word deur die navorser geïnterpreteer om insig te kry met die doel om te verstaan en riglyne vir die dosent ten opsigte van die fasilitering van akademiese sukses te beskryf.

- **Kontekstueel**

Hierdie studie is tyd-ruimtelik en waarde gebonde binne die unieke konteks van die Verplegingskollege binne 'n militêre milieu. Vanuit die kwalitatiewe- en funksionele denkbenadering wat in hierdie studie gevolg word, is 'n kontekstuele benadering aangewese.

- **Verkennend**

Mouton en Marais (1992 : 45) beskryf die doel van verkennende studies om verkenning van 'n relatief onbekende terrein te maak. Mouton en Marais (1992 : 45) haal Selltiz et al aan wat van mening is dat een van die metodes waardeur 'n verkennende studie gedoen kan word, is 'n opname onder mense wat praktiese ervaring van 'n probleem het. In hierdie studie dus, die verkenning van faktore wat bygedra het tot 'n akademies onsuksesvolle eerste studiejaar soos ervaar en geverbaliseer is deur die eerstejaardruipeling.

- **Beskrywend**

Mouton en Marais (1992 : 45) is van mening dat die doel van beskrywing is om dit wat is (werklikheid) te beskryf.

In hierdie studie word die faktore wat akademiese sukses tydens die eerste studiejaar beïnvloed het, deur die eerstejaardruipeling geverbaliseer. Die navorser en 'n eksterne analis interpreteer en beskryf die faktore om insig in die student se belewing te kry, sodat riglyne vir die dosent beskryf kan word ten opsigte van die fasilitering van akademiese sukses.

2.5 NAVORSINGSMETODE

2.5.1 DATA-INSAMELING

Die data wat ingesamel is, is die verbale response van die eerstejaardruipeling op 'n sentrale vraag wat tydens 'n semi-gestruktureerde fokusgroeponderhoud gevra is, sowel as die veldnotas wat deur die fasiliteerder tydens die fokusgroeponderhoud van die deelnemers se nie-verbale response gemaak is.

Krueger (1994 : 6) beskryf 'n fokusgroep as "a carefully planned discussion designed to obtain perceptions on a defined area of interest in a permissive, non-threatening environment".

As motivering vir die keuse van 'n fokusgroeponderhoud as data-insamelingsmetode word die volgende aangevoer:

- Fokusgroeponderhoud is aangewese vir studies van 'n kwalitatiewe aard (Krueger, 1994 : 19; Stewart en Shamdasani, 1990 : 74), wanneer insig en persepsies verken word (Krueger, 1994 : 30).
- Die deelnemers is homogeen (Krueger, 1994 : 14) met betrekking tot die feit dat hulle 'n ervaring deel naamlik 'n akademies onsuksesvolle eerste studiejaar, en tans die eerste studiejaar herhaal.
- Die deelnemers is goed bekend aan mekaar en daar bestaan 'n onderlinge vertrouensverhouding.

Bogenoemde faktore is bevorderlik vir groepskohesie en interaksie (Stewart en Shamdasani, 1990 : 42) en 'n openheid teenoor mekaar (Krueger, 1994 : 11) wat bevorderlik is vir kommunikasie.

Aangesien die navorser in 'n gesagsposisie is teenoor die deelnemers en bekend is, is die fokusgroeponderhoud gefasiliteer deur 'n onafhanklike fasiliteerder en was die navorser glad nie teenwoordig tydens die onderhoud nie.

Die fasiliteerder is 'n kundige op die gebied van onderhoudvoering en groep-hantering vanuit 'n kennis- en ervaringsraamwerk as verpleegspesialis, en beskik oor 'n Doktorale graad in Psigiatrisse Verpleegkunde.

Die verloop van die fokusgroeponderhoud is op oudioband opgeneem en daarna verbatim getranskribeer deur die navorser. Tydens die fokusgroeponderhoud het die fasiliteerder voortdurend veldnotas gemaak ten opsigte van die nie-verbale response wat deur haar opgemerk is (Wilson, 1989 : 434).

2.5.1.1 VOORBEREIDING VIR FOKUSGROEP

Die doel vir die voorbereiding is om 'n nie-bedreigende, nie-evaluerende omgewing daar te stel waar die deelnemers veilig voel om hulle opinies te lug sonder vrees of die groep saamstem of nie (Stewart en Shamdasani, 1990 : 87).

Deelname aan die fokusgroeponderhoud is vrywillig. Al vyftien eerstejaarherhalers is skriftelik uitgenooi (Stewart en Shamdasani, 1990 : 54) om deel te neem aan die bespreking. Die kennisgewing (Bylae 2) bevat die volgende inligting:

- Algemene beskrywing van die aard van die navorsing, en dat 'n groepsonderhoud gaan plaasvind.
- Lokaal waar die fokusgroeponderhoud gaan plaasvind.
- Die datum en tyd.
- Die benaderde tydsduur.

- 'n Oudiobandopname word van die fokusgroeptespreking gemaak.
- Anonimiteit word beskerm.
- Inligting en/of resultaat van navorsing word na afhandeling/voltooiing beskikbaar gestel, en
- deelname is vrywillig.

Indien kandidaat hom/haarself beskikbaar stel vir die fokusgroeptespreking word die kennisgewing deur hom/haar gedateer en onderteken, en dit dien as ingeligte toestemming.

Die lokaal is maklik bereikbaar en is steuringsvry. Sestien stoele word om 'n tafel gerangskik sodat oogkontak moontlik is. 'n Waterbeker en glase is op die tafel geplaas. 'n Potlood en 'n foliovel papier is vir elke deelnemer gegee, waarop die sentrale vraag in Afrikaans en Engels getik is. Die vel papier kan deur deelnemers gebruik word om gedagtes wat moontlik vergeet mag word terwyl vir 'n spreekbeurt gewag word, neer te skryf. 'n Hoë kwaliteit bandspeler is prominent, sigbaar vir al die deelnemers, en maklik hanteerbaar vir die fasiliteerder geplaas. 'n Ekstra bandspeler en batterye is byderhand gehou indien tegniese probleme of 'n kragonderbreking sou plaasvind. Voor die aanvang van die onderhoud is die bandspeler deur beide die navorser en die fasiliteerder getoets.

Die doel van die navorsing, en die tegniek wat deur die fasiliteerder gevolg gaan word, is voor die aanvang van die bespreking tussen die navorser en die fasiliteerder uitgeklaar. 'n Konsensusbesluit is geneem ten opsigte van 'n semi-gestruktureerde kwalitatiewe tipe onderhoud/bespreking wat vloei vanuit 'n sentrale vraag wat in beide Afrikaans en Engels aan respondente voorgehou word. Al die deelnemers kan beide tale verstaan, en respondeer in die taal van hulle keuse.

Die volgende vraag is gevra:

Watter faktore het daartoe bygedra dat u die eerste studiejaar gedruip het?

Which factors contributed to you failing your first year of study?

2.5.1.2 FOKUSGROEPONDERHOUD

Die fasiliteerder maak gebruik van kommunikasie vaardighede om deelnemers aan te moedig om hulle eerlike opinies, persepsies en ervarings te verbaliseer.

Die volgende kommunikasie vaardighede is tydens die fokusgroeponderhoud gebruik (Wilson en Kneisl, 1988 : 232) :

- **Minimale verbale respons.** Die deelnemer word hierdeur aangemoedig om voort te gaan, of die fasiliteerder deel die deelnemer mee dat sy kennis neem van wat gesê word, en reageer met 'n "Hmm".
- **Uitklaring.** Die fasiliteerder vra die deelnemer om 'n standpunt toe te lig met óf 'n voorbeeld óf 'n verduideliking.
- **Refleksie.** Die fasiliteerder "weerkaats" die deelnemer se gevoel of dit wat gesê is. "Dit laat jou moedeloos voel, né".
- **Parafrasering.** Die fasiliteerder herhaal dit wat die deelnemer gesê het in ander woorde om die fasiliteerder se begrip van die stelling uit te klaar.
- **Opsomming.** Die fasiliteerder "kondenseer" dit wat tot nou gesê is, in hoofpunte met die doel om denke te fokus.
- **Stiltes.** Deur van stiltes gebruik te maak word die deelnemers geleentheid gegee om te dink en uit te brei oor onderwerp.

Na afloop van die fokusgroeponderhoud is die deelnemers en die fasiliteerder getraakteer met verversings, enersyds as dankbetuiging en andersyds as ontlonting.

Die oudioband is verbatim deur die navorsers getranskribeer.

2.5.2 POPULASIE EN STEEKPROEF

Die populasie word verteenwoordig deur al die eerstejaarstudente (N = 15) aan 'n verplegingskollege wat aan die volgende kriteria voldoen:

- Tans in opleiding is ter verwerwing van die Diploma wat lei tot registrasie as 'n Verpleegkundige (Algemene-, Psigiatrisie en Gemeenskap-) en Vroedvrou, en
- wat die eerste studiejaar gedruip het,
- en tans (1995) die eerste studiejaar herhaal.

'n Doelgerigte steekproef van 100 % (N = 15) is gemaak. 'n Doelgerigte steekproef verwys na die seleksie van respondente uit die populasie wat aan die kriteria soos uiteengesit in 2.5.2, voldoen.

Vanuit 'n kwalitatiewe benadering is gredeneer dat elke druipling se ervaring en persepsie van die onsuksesvolle studiejaar uniek is, en 'n bydrae lewer tot die volledigheid en akkuraatheid van die data. Hierdeur word die vertrouenswaardigheid van die studie verhoog.

2.5.3 DATA-ANALISE

Die ingesamelde data, naamlik die getranskribeerde fokusgroeponderhoud en die veldnotas wat tydens die fokusgroeponderhoud deur die fasiliteerder gemaak is, word volgens die agt-stap-metode van Tesch (in Cresswell, 1994 : 155) geanaliseer. Die metode behels die volgende:

- **Stap een:** Die navorser en die eksterne kodeerder lees die getranskribeerde data onafhanklik van mekaar deur, om 'n geheelbeeld te kry (Bylae 3).
- **Stap twee:** Die data word weer aandagtig deurgelees om die onderliggende mening te bepaal.
- **Stap drie:** Hoofkategorieë word identifiseer en data word daarvolgens in kolomme gerangskik (Bylae 4).
- **Stap vier:** Die gelyste onderwerpe word in kategorieë gekodeer (Bylae 5).
- **Stap vyf:** Elke kategorie word benoem deur die mees beskrywende woord aan elke kategorie te voeg. Verbande word getrek tussen die gelyste onderwerpe.
- **Stap ses:** Data word alfabeties georden, en besluite word geneem aangaande afkortings.
- **Stap sewe:** Toepaslike data word georden en 'n voorlopige analise gedoen.
- **Stap agt:** Verdere verfyning word gedoen en moontlike subkategorieë identifiseer.

Die data word onafhanklik deur die navorser en 'n kundige eksterne kodeerder geanaliseer. Die eksterne kodeerder word as 'n kundige beskou op grond daarvan dat sy oor 'n Doktorale graad beskik en nagraadse studente begelei in kwalitatiewe data-analise. Na die analise word die resultate vergelyk en tot 'n konsensusbesluit gekom ten opsigte van inhoudsgeldigheid. Die resultate word ook met toepaslike, beskikbare nasionale- en internasionale literatuur gekontroleer vir vertrouenswaardigheid.

2.6 VERTROUENSWAARDIGHEID

Om geloofwaardig te wees moet 'n studie waarheidswaarde hê. Lincoln en Guba (1985 : 300) vervang die konvensionele terme, interne geldigheid, eksterne geldigheid, betroubaarheid en objektiwiteit met terme eie aan 'n kwalitatiewe benadering, naamlik:

- Interne geldigheid met geloofwaardigheid ("credibility").
- Eksterne geldigheid met oordraagbaarheid ("applicability").
- Betroubaarheid met vertroubaarheid ("consistency").
- Objektiwiteit met bevestigbaarheid ("neutrality").

Vervolgens word die maatreëls wat getref is om hierdie studie se vertrouenswaardigheid te verseker, uiteengesit in tabel 2.1.

TABEL 2.1 MAATREËLS TEN OPSIGTE VAN VERTROUENSWAARDIGHEID

STRATEGIE	KRITERIA	MAATREËLS
Geloofwaardigheid ("credibility") Waarheidswaarde	Voldoende betrokkenheid	<ul style="list-style-type: none"> • Die navorser is self 'n dosent in militêre milieu • Deeglike literatuur-kontrole is oor verskynsel gedoen • Navorser transkribeer self die fokusgroeponderhoud • Navorser is saam met eksterne kodeerder betrokke by data-analise • 'n Konseptuele raamwerk is saamgestel uit data van fokusgroeponderhoud en literatuur • Deelnemers aan fokusgroeponderhoud het eerste-handse ervaring van die verskynsel wat verken word • 100 % steekproef.
	Triangulering	<ul style="list-style-type: none"> • Metode: fokusgroep-onderhoud, veldnotas en literatuur • Bronne: fokusgroep-onderhoud, literatuur-kontrole uit nasionale- en internasionale literatuur • Navorsers: Navorser, onafhanklike kundige eksterne fasiliteerder, en 'n onafhanklike kundige eksterne kodeerder, en data-analise volgens Tesch se metode
	Portuurgroepbespreking	<ul style="list-style-type: none"> • Resultate en konseptuele raamwerk bespreek met dosente in militêre milieu
	Lidkontrolle	<ul style="list-style-type: none"> • Resultate uitgetiur met fokusgroep-deelnemers
	Outoriteit van navorsers	<ul style="list-style-type: none"> • Eksterne fasiliteerder en eksterne kodeerder kundige kwalitatiewe navorsers
	Strukturele kongruensie	<ul style="list-style-type: none"> • Kongruent binne Verplegings-teorie vir Mensheelheid
Oordraagbaarheid ("Applicability") Toepelikeheid	Seleksie van inligtingsbronne	<ul style="list-style-type: none"> • 100 % steekproef-verteenwoordigend literatuurkontrolle
	Digtheidsbeskrywing	<ul style="list-style-type: none"> • Navorsingemetodologie volledig beskryf • Literatuurkontrolle • Verbatim aanhalings

STRATEGIE	KRITERIA	MAATREELS
Vertroubaarheid ("Consistency")	Kodering	<ul style="list-style-type: none"> • Konsensusbesluit tussen navorsers en eksterne kodeerder tov inhoudsgeldigheid van data
	Digte beskrywing van navorsingsmetode	Navorsingsmetodologie volledig beskryf
	Onderzoekende audit	<ul style="list-style-type: none"> • Vraag kontrole - literatuur • Onafhanklike kundiges
Bevestigbaarheid ("Neutrality")	Bevestigbare audit	<ul style="list-style-type: none"> • Eksterne, kundige kodeerder • Literatuurkontrole
	Triangulering	<ul style="list-style-type: none"> • Veldnotas • Literatuurkontrole • Eksterne kundiges

2.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die navorsingsmetodologie bespreek en beredeneer vanuit 'n kwalitatiewe benadering. Die stappe wat beskryf en verantwoord is, is die navorsingsontwerp, data-insameling, populasie en steekproefneming, data-analise en die maatreëls om vertrouenswaardigheid te verseker.

In hoofstuk drie word die resultate van die fokusgroeponderhoud en literatuurkontrole bespreek.

HOOFSTUK DRIE

RESULTATE EN BESPREKING VAN FOKUSGROEPONDERHOUD EN LITERATUURKONTROLE

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die resultate van die fokusgroeponderhoud wat as data-insamelmingsmetode gebruik is, bespreek en gekontroleer met resente nasionale- en internasionale literatuur.

Die deelnemers aan die fokusgroeponderhoud was eerstejaarstudentverpleegkundiges wat akademies onsuksesvol was in hulle eerste studiejaar en tans die studiejaar herhaal. Tydens die fokusgroeponderhoud is een sentrale vraag in Afrikaans en Engels aan die deelnemers gevra. Die deelnemers kon in enige van die twee tale, wat deur almal verstaan word, respondeer.

Watter faktore het daartoe bygedra dat u die eerste studiejaar gedruip het?

Which factors contributed to you failing your first year of study?

Die fokusgroeponderhoud is op oudioband opgeneem en daarna verbatim getranskribeer deur die navorser.

3.2 DATA-ANALISE

Die getranskribeerde fokusgroeponderhoud is onafhanklik deur die navorser en 'n eksterne kodeerder ge-analiseer (volgens die agt-stap-metode van Tesch) soos uiteengesit deur Cresswell (Cresswell, 1994 : 154-155), en beskryf in hoofstuk twee van hierdie studie (vergelyk 2.5.3).

3.3 ORIËNTASIE TOT AANBIEDING VAN HOOFSTUK

Tydens die analise van die getranskribeerde fokusgroeponderhoud (Bylae 3) is vier hoofkategorieë en agt subkategorieë onderskei (Tabel 3.1), waarvolgens die resultate van die fokusgroeponderhoud bespreek word. Die bevindings van hierdie navorsing word met response uit die fokusgroeponderhoud toegelig en met literatuur gekontroleer.

Tabel 3.1 Faktore Aanleidend tot Onsuksesvolle Eerste Studiejaar

HOOFKATEGORIEË	SUBKATEGORIEË
Student	Aanpassing Motivering Vakdisipline
Dosent	Klasaanbieding Studente se verwagtinge
Omgewingsfaktore	Fisiese fasiliteite Buite-kurrikulêre verpligtinge Ontspanningsgeriewe

Literatuurkontrolle dien as triangulering vir die geloofwaardigheid van die data en navorsingsbevindinge (Lincoln en Guba, 1985 : 298) (vergelyk tabel 3.2).

3.4 RESULTATE VAN FOKUSGROEPPERHOUD EN LITERATUURSTUDIE

3.4.1 DIE STUDENT

Die student verwys na die nuwelingsstudent wat pas sekondêre skool verlaat het en vir die eerste keer die tersiêre onderrigsituasie betree. Geïdentifiseerde aspekte is:

- Aanpassing
- Motivering
- Vakdisipline

3.4.1.1 AANPASSING

Aanpassing verwys na die nuwelingstudentverpleegkundige se hantering van die verandering vanaf afhanklike skoolkind na selfrigtinggewende volwassene-leerder.

Aanpassing is tydens hierdie studie geïdentifiseer as 'n bydraende faktor tot 'n onsuksesvolle eerste studiejaar.

In hierdie studie het die eerstejaardruipelinge hulle aanpassingservaring so verwoord:

"Jy kom hier in, jy's nog hierdie skoolkind, en dan moet jy hierdie aanpassing maak na 'n grootmenswêreld".

"Jy word volwasse gedruk in 'n kwessie van 'n maand".

Die bevindinge word onderskryf deur Mellish en Brink (1990 : 53) wat die aanpassingseise van die studentverpleegkundige as volg beskryf: "fresh from a sheltered school environment with it's discipline, regular hours, and study and leisure patterns, will find herself in a completely different world which presents strange experiences, and will have to adapt to clinical practica as well as human suffering".

Studente ervaar 'n geweldige gaping tussen skool en kollege, waarvoor hulle nie voorbereid was nie.

"Die verskil tussen sekondêre en tersiêre onderwys, dis 'n geweldige gaping".

"Ek moes 'n hele nuwe studiemetode kry ..."

"... en daar's nie eintlik iets wat jou daarop voorberei nie".

Die bevindinge word ondersteun deur Smith (1987 : 18), Jorissen (1985 : 24) en Jacobs en Noeth (1994 : 16) as 'n rede waarom eerstejaarstudente druipe.

Na aanleiding van die druipsyfer van Suid-Afrikaanse universiteitstudente is Smith (1987 : 17 e.v.) van mening dat aanpassingsprobleme 'n rede is vir swak akademiese prestasie van eerstejaarstudente. Hy identifiseer die volgende aanpassingseise (*) wat as faktore deur die studente in hierdie studie bevestig word, en toegelig word met aanhalings uit die fokusgroeponderhoud.

- Plattelandse studente se aanpassing in die grootstadomgewing ten opsigte van eensaamheid, identiteitsonsekerheid en die gemis aan bekende ankers.

"Ek kom van die platteland af ... heeltemal 'n nuwe omgewing ... ken niemand nie".

"... weet nie waar om in te skakel nie".

"... skielik weg van die huis af".

- Die onpersoonlike, inhoudsgerigte lesingstyl van die dosent in die tersiêre onderrigssituasie, teenoor die kindgerigte onderrigstyl van die onderwyser.

"Nou word jy nie meer gevoer nie, ... van jou verwag om vinniger te werk en te leer".

"... die dosent kom in die klas, rammel die werk af, gee 36 bladsye selfstudie, en dan loop sy ..."

Jorisson (1985 : 24) is van mening dat die hoë eerstejaardruipsyfer in tersiêre onderrig moontlik te wyte kan wees aan die feit dat leerlinge op skool in kleiner klasverband meer op "lepelvoer" aangewese was, en dat die oorgang van skool na tersiêre onderwys dikwels vir die eerstejaarstudent te drasties is om te oorbrug.

- Die eerstejaarstudent se nuwe onafhanklikheid en vryheid van keuse verg aanpassing wat kan resulteer in akademiese laksheid.

"Ek het my eie geld, kan doen wat ek wil ... hoef nie te "worry" wat my ma gaan sê nie".

"... met die verandering wat nie hanteer kan word nie, gaan jy so oorboord dat jy in elk geval jou studies verwaarloos".

"I was out of the house and went the wrong way".

"Niemand sê: Hei, jy moet gaan swot nie".

Jacobs en Noeth (1994 : 18) rapporteer dat 48 % van die respondente in hulle studie aangedui het dat hulle nie hul vryetyd met verantwoordelikheid kan beplan nie.

- Omvang en tempo van werk. Studente ervaar die omvang van en tempo waarteen leerinhoud aangebied word, oorweldigend.

"The tutor went awfully fast".

"... 'n klomp werk word in elke liewe vak op jou afgegooi".

"... nie 'n "clue" wat om te gebruik nie".

Jorissen (1985 : 25) beweer dat die dosent teen tyd jaag om 'n sekere hoeveelheid leerinhoud aan studente te onderrig. As rede voer hy die geweldige inligtingsontploffing aan, wat meebring dat dosente probleme ervaar ten opsigte van die redusering van die beskikbare leerinhoud.

Sherrod et al (1992 : 204) het in hulle studie bevind dat studente "excessive amounts of material to learn, too many classes" as akademiese probleme ervaar wat bydra tot staking van studies.

Thyer en Bazeley (1993 : 336) bevind in 'n studie oor stresfaktore waaraan nuweling-verpleegkundestudente blootgestel word, dat angstigheid ten opsigte van die volume werk die tiende grootste stressor uit 38 geïdentifiseerde stressore is.

Smith (1987 : 23) is van mening dat die dosent vroeg reeds 'n akademiese norm en werksverhouding wil vestig, en dan nalaat om die nuwelingstudent se onervarendheid ten opsigte van die tersiêre onderrigsituasie in ag te neem.

Smith (1987 : 24) vergelyk die eerstejaarstudent met 'n dun-nek-fles, waarin kennis nie te vinnig ingegooi moet word nie.

- Nuwe kursusse en ervaringsvreemde vakterminologie, vergaanpassing van die student, en tyd om 'n verwysingsraamwerk op te bou.

"... sulke moeilike name wat jy moet leer".

"... it was a totally new thing (subject)".

Smith (1987 : 19-20) beweer dat die eerstejaarstudent kennis maak met wesensvreemde kursusse soos Sosiologie, waarmee hy nie gegroei het soos met Goskiedenis, Wiskunde en Afrikaans nie.

- Die wyse waarop evaluering gaan plaasvind, is 'n bron van onsekerheid vir die eerstejaarstudent.

Smith (1987 : 19) dui aan dat eerstejaarstudente onseker is oor hoé ge-eksamineer word, oor waar die klem in sy studies behoort te val. Respondente in hierdie studie het hulself so uitgelaat:

"... nie geweet wat verwag sy van my nie".

"Jy kan nie altyd sê wat is belangrik en wat nie ... en "spot" ons maar".

"Hoe moet jy leer, wat moet jy leer?".

"Alles lyk belangrik".

Jacobs en Noeth (1994 : 15, 18) bevind dat 37 % van die respondente in hulle studie onseker is oor die standarde waarvolgens toetse en eksamens ge-evalueer word, en 38,5 % het die aspek as 'n definitiewe probleem aangedui.

Thyer en Bazeley (1993 : 339) het angstigheid ten opsigte van eksamens as die grootste stressor vir nuweling-verpleegkundestudente bevind.

Studente ervaar realiteitskok ten opsigte van die verwagtinge wat aan hulle gestel word.

"... ek kan dan nie eers "cope" nie".

"... die feit dat jy nie kan "cope" nie, vat jou entoesiasme weg".

"... die onsekerheid maak dat jy nie jou volle aandag aan jou werk gee nie".

"... want jy sit die heelyd en "worry"".

"... dan raak jy negatief en dink ... ek gaan in elk geval druiip".

Studente ervaar die eise van 'n "dubbelberoep" - verpleegkundige as student (akademies) en student as verpleegkundige (werkkrag in die sale) - veeleisend.

"Jy word volwasse gedruk in 'n kwessie van 'n maand. Jy moet professioneel optree ... as iemand doodgaan kan jy nie daar soos by die huis aangaan nie. Ons het 'n keuse gemaak ... ons moet dit doen".

Sherrod et al (1992 : 204) haal resultate aan uit 'n studie wat deur West (1986) in Engeland uitgevoer is, ten opsigte van stresvolle situasies wat deur nuweling-studentverpleegkundiges ervaar is in die kliniese situasie. West identifiseer die volgende kategorieë:

- **Bekommernis ("worry") oor nuwe situasies en vaardighede.**
- **Gespannendheid ("distress") as gevolg van pasiënte se pyn en siekte.**
- **Interpersoonlike probleme met pasiënte en familie.**
- **Rolkonflik.**
- **Bekommernis oor verantwoordelikhede.**
- **Vrae rondom afsterwe en dood.**
- **Gevolens van ontoereiktheid.**
- **Werk oorlading.**
- **Verveeldheid.**

Taal is as 'n belangrike struikelblok vir akademiese sukses uitgewys deur die deelnemers aan die fokusgroeponderhoud.

Taal is deur die Afrikaanssprekende-, Engelssprekende- en swart studente as struikelblok ervaar in hierdie studie.

"Most of the lectures were in Afrikaans. I had to translate from Afrikaans to English".

"Al die handboeke is weer in Engels ... selfstudie gaan doen, en dan moet jy dit in Engels doen ... die handboeke is nogal 'n hoë Engels".

Phillips en Hartley (1990 : 29) is van mening dat studente vir wie Engels 'n tweede taal is, akademiese probleme mag ondervind ten opsigte van begrip, interpretasie en geskrewe kommunikasie. Politzer (in Phillips en Hartley, 1990 : 29) onderskei twee komponente van taal, linguistiese en kommunikatiewe vaardighede. Linguistiese vaardigheid verwys na die korrekte grammatika gebruik, en kommunikatiewe vaardigheid na die vermoë om informasie akkuraat te ontvang en konstrueer. Phillips en Hartley wys verder daarop dat daar van tersiêre studente verwag word om vinnig en met begrip te lees, gedagtes duidelik te verwoord en akkurate notas te neem tydens lesings.

Vir die swart studente is Engels nie noodwendig 'n tweede taal nie, dit mag 'n derde of vierde taal wees (vergelyk Mellish en Brink, 1990 : 55). Verskeie ander outeurs bevind ook in navorsingstudies dat taal 'n probleem blyk te wees.

Cameron-Buccheri en Trygstad (in Sherrod et al, (1992 : 204) rapporteer akademiese onderprestasie as gevolg van Engels in 'n studie wat gedoen is onder 40 eerstejaar B-grad Verpleegkundestudente in die Verenigde State van Amerika.

July (1988 : 37) haal Hernandez en Pick (1978) aan wat bevind het dat taalprobleme een van die redes is waarom swart studente nie akademiese sukses behaal nie. Die studie is in Atlanta, Georgia gedoen.

Taal is as stressor geïdentifiseer deur Thyer en Bazeley (1993 : 337) in 'n studie wat in Australië gedoen is.

Aanpassing word aanvaar as 'n emosie belaaide en stresvolle belewenis vir die betrokkenes (studente). Dog, in hierdie studie is bevind dat studente traag is om hulle emosionele belewenisse te verbaliseer.

Vanuit die getranskribeerde fokusgroeponderhoud en die fasiliteerder se veldnotas, word die waarneming gemaak deur beide die navorser en die eksterne kodoerder, dat wanneer 'n deelnemer oor 'n emosionele belewenis praat, 'n ander deelnemer die onderwerp verander. Die navorser lei hieruit af dat die deelnemers ongemak ervaar, en eerder meer konkrete redes aanvoer as om oor gevoelens te praat.

Daar word ook waargeneem dat die deelnemers selde na "ek" en "my" verwys, maar eerder meer neutrale naamwoorde soos "jy" en "mens" verkies.

Die volgende ego-verdedigingsmeganismes is as reaksie op die stres van die aanpassingsproses geïdentifiseer, en word met voorbeelde uit die getranskribeerde onderhoud illustreer.

- Ontkenning van emosies deur die onderwerp te verander wanneer emosies ter sprake kom.
- Projeksie van blaam/skuld op eksterne faktore as rede vir druipe.
- Vermydning. Alhoewel 'n deelnemer melding maak van " baie probleme, nie net akademies nie, persoonlik, alles", brei sy nie daarop uit nie.
- Intellektualisasie. "As hulle foute in 'n toets kan maak, dan kan dit mos in die eksamen ook gebeur", en "die goed (antwoordstelsel) word gemodereer deur Unisa, ... so joune kan dalk een van die wees wat nie Unisa toe gestuur is nie".

Wilson en Kneisl (1988 : 140) beskryf die doel van ego-verdedigingsmeganismes as "enabling us to deny or distort a stressfull event or by restricting awareness and reducing the sense of emotional involvement". Menzies (1970 : 13) is van mening dat dit 'n belangrike psigologiese taak van 'n nuweling in die verpleegberoep is om te leer om sy emosies te beheer, hom te weerhou van emosionele betrokkenheid, en sy professionele onafhanklikheid te beskerm teen manipulasie en eise vir onprofessionele gedrag. Menzies (1970 : 14) gaan voort "they lack the ability to handle emotional stress in any way other than by repressive techniques".

3.4.1.2 MOTIVERING

Motivering verwys na die wil of dryfkrag om 'n daad uit te voer, 'n doel te bereik, naamlik om akademiese sukses te behaal.

Om bevorder te word na die tweede studiejaar, moet die eerstejaarstudent in al vyf voorgeskrewe vakke 'n minimum van 50 % behaal, en dit impliseer bemeestering van sekere vaardighede en kennis, dus leer.

Klopper (1994 : 125) beskryf leer as 'n aktiewe konstrueringsproses wat 'n konsep-tuele verandering behels. Konsep-tuele verandering impliseer transformering van bestaande konsepsies deur onder andere dekonstruktiewe diskoers wat begrip bevorder. Konsep-tuele verandering vind meer geredelik plaas wanneer die leertaak intensioneel benader word en metaleer plaasvind deur diepte-holistiese lewenslange leer.

Die intensionaliteit van die leertaak is afhanklik van motivering. Die literatuur onderskei tussen intrinsieke en ekstrasieke motivering. Intrinsieke motivering verwys na 'n interne wil/dryfkrag om te leer, terwyl ekstrasieke motivering dui op eksterne aanmoediging, byvoorbeeld deur beloning (Louw, 1987 : 373, Kozior, Erb en Olivieri, 1991 : 281, 285).

Monteith (1988 : 26) sluit hierby aan as hy sê: "Die student wat sy leerhandeling kan beheer sal doeltreffender leer as die student wie se leerhandeling deur iemand anders, soos die dosent, beheer word".

In hierdie studie is bevind dat studente die leertaak onderskat, wat tot gevolg het dat hulle nie aan die akademiese vereistes voldoen het om bevorder te word nie.

Respondente het as volg reageer:

"Ek het nie genoeg geleer nie".

"Ek kon beter geleer het, en aangepas het".

"Ek het te veel aangepas".

"As jy eers agter is, is jy die hele jaar agter".

Gebrek aan selfdissipline en swak studiemetodes en -houdings word deur die literatuur aangevoer as redes vir akademiese mislukking. (Sherrod et al, 1992 : 206; Smith, 1987 : 20; July, 1988 : 34; Drake, 1989 : 4; Dietsche, 1990 : 77 en Du Toit 1993 : 13).

3.4.1.3 VAKDISSCIPLINE

Die term vakkdissipline verwys na die vak, Wetenskaplike Grondslae van Verpleging, wat modules ten opsigte van Anatomie, Fisiologie, Mikrobiologie, Chemie, Fisika en Farmakologie insluit, en is in hierdie studie as die grootste oorsaak van die onsuksesvolle eerste studiejaar geïdentifiseer.

Tydens die fokusgroeponderhoud spreek studente hulle as volg uit:

"I've found it difficult ... it was a totally new thing".

"Baie werk, min periodes".

"Two different tutors for Physiology".

"Jy's gewoon aan een, dan kom die ander een ... sy bied dit heeltemal anders aan".

Thyer en Bazeley (1993 : 339) rapporteer 'n gebrekkige wetenskapkennis as stressor vir nuweling-verpleegkundestudente in Australië. Die bevinding word bevestig deur Akinsanya en Hayward (1980) (in Caon en Treagust, 1993 : 256).

Griffiths, Bevel, O'Connor en Wieland (1995 : 65) bevestig die stelling dat die toetreders tot die verpleegberoep nie oor 'n grondige, basiese wetenskap-kennis beskik nie.

Studente ervaar die leerinhoud gefragmenteerd, en moeilik om te integreer.

" Hulle sê vir jou... O.K. dis die struktuur van die been, dan doen jy die struktuur van die ander bene; en dan oor drie maande of so, dan doen jy die funksies van die bene "

"Ons kan nie die Anatomie by die Fisiologie bring nie".

"This subject, ... it's confusing me".

Wetenskap blyk 'n algemene oorsaak van onsuksesvolle akademiese sukses te wees. Die literatuur ondersteun hierdie studie se bevinding dat studente probleme ondervind met Wetenskap as vakdissipline. Dit is dan ook die direkte rede vir dié betrokke groep studente se onsuksesvolle eerste studiejaar. Dertien van die vyftien respondente het die vak Wetenskaplike Grondslae van Verpleging (SFN) gedruip.

Die navorser het ondersoek ingestel na die SFN-druipelinge se matriekvakke, en bevind dat net vyf van die dertien Wetenskap as vak in matriek gehad het, en dat vier van hulle E of laer simbole behaal het in die eindeksamen. Hieruit word die afleiding gemaak dat hoewel vyf van die druipele wel Wetenskap op matriekvlak gehad het, hulle basiese wetenskapkennis beperk is, en onvoldoende is vir tersiêre vereistes.

Caon en Treagust (1993 : 259) bevind dat studente wat die relevansie van wetenskap vir Verpleegkunde erken, goed presteer in die vak, terwyl die groep vir wie die vak nie toepassingswaarde het nie, swak presteer.

Caon en Treagust (1993 : 256) bevind ook dat studente wat meer toegewyd is ten opsigte van die voorgestelde leeswerk in die handboeke (selfstudie), beter presteer as die wat dit nie doen nie.

Studies in die Verenigde State van Amerika rapporteer ook akademiese probleme wat verband hou met Biologie en Chemie (Sherrod et al, 1992 : 206; Cameron-Buccheri en Trygstad (in Sherrod, et al 1992 : 206)).

3.4.1.4 SAMEVATTENDE STELLINGS

Die volgende stellings word gemaak ten opsigte van die student:

- Die student se strewe na akademiese sukses word gestrem deur aanpassing ten opsigte van:
 - Grootstad-omgewing.
 - Gaping tussen skool en kollege wat gereflekteer word deur die verbalisering van:
 - Onpersoonlike lesingstyl van dosent.
 - Omvang en tempo van werk.
 - Ervaringsvreemde kursusse en vakterminologie.
 - Onsekerheid oor die verwagtinge van die dosent.
 - Taal/Vertaal.
 - Reaksie op die stres wat die aanpassingsproses meebring.
 - Skok ten opsigte van die realiteit van werk en studeer.
 - Dubbelberoep.
 - Vryheid van keuse ten opsigte van studie en ontspanning.
- Die gebrek aan motivering presenteer in swak selfdissipline en studiehoudings wat 'n faktor is wat akademiese sukses beïnvloed.

- Die ontoereikende basiese kennis van Wetenskap as vak, by eerstejaarstudentverpleegkundiges is 'n faktor wat akademiese sukses beïnvloed.

3.4.2 DIE DOSENT

Die dosent verwys na die kundige wat akademiese sukses fasiliteer by die nuwelingstudent deur middel van leerbegeleiding. Die aspekte wat geïdentifiseer is, is:

- Die wyse waarop leerinhoud aangebied word (klasaanbieding).
- Leerbegeleiding.

3.4.2.1 KLASAANBIEDING

Klasaanbieding verwys na die wyse waarop die dosent, die leerinhoud aan die student voorhou en die student stimuleer om meer oor die onderwerp te wete te kom.

In hierdie studie is bevind dat studente die wyse waarop die leerinhoud aangebied word, nie bevorderlik vir leer ervaar nie. Studente beskryf klasaanbieding as:

"... verskriklik ... "boring"".

"... kry die idee party dosente stel nie belang nie".

"... lees die goed uit die boek".

"Party dosente kán klas gee, ander nie".

"... kan nie oordra nie. Sy kan nie verduidelik nie".

Studente ervaar dat leerinhoud soms nie in verband gebring word met die praktyk nie.

"Party dosente pas die werk toe in verpleging, en dit maak dit vir ons makliker om te leer, en dis vir ons lekkerder dan".

Thyer en Bazeley (1993 : 339) identifiseer die wyse waarop dosente met studente kommunikeer, en die wyse waarop lesings aangebied word, as stressore vir nuweling-verpleegkundestudente.

Sherrod et al (1992 : 206) rapporteer dat studente in sy studie van mening was dat dosente nie omgee of hulle (studente) leer nie.

3.4.2.2 STUDENTE SE VERWAGTINGE VAN DIE DOSENT

In hierdie studie identifiseer die studente die volgende probleemareas ten opsigte van die interaksie tussen dosent en student.

Studente ervaar gebrekkige kommunikasie tussen die leerbegeleier en studente as faktor wat tot akademies onsuksesvolle studie lei, en spreek die volgende verwagtinge uit:

- **Studente verwag duidelike, eenvormige boodskappe, ten opsigte van die dosent se verwagtinge.**

"Hulle sê in jou studiegids wat verwag hulle van jou, maar dis nie duidelik genoeg nie".

"... selfstudie. Party dosente, as hulle sê selfstudie, kan jy maar los, ander weer, doen jy die belangrikste werk as selfstudie".

- **Studente verwag duidelike, konkrete terugvoer na evaluering, sodat miskonsepsies reggestel kan word.**

"Sociology. They just give a mark. They don't comment. I don't know where I went wrong. I went to see her. She explained, the same as in the book. I still don't understand. I was lost, lost, lost!"

"Hulle sê ... dis fisiologie oor die algemeen, of dis fisika en chemie ...".

"... dis regverdig dat ons ons eksamen antwoordstelle kry ... om te weet wat ons fout gedoen het".

".. het dit geskryf, en het die reg om dit te sien".

- **Studente verwag sensitiwiteit vir, en beskikbaarheid van die dosent vir probleemoplossing.**

"Hulle het nie 'n saak met jou nie".

"... as ek depressief voel, kom geen van my maats of my dosente dit agter nie".

"... dosent kan nie werklik individuele aandag gee nie".

"Hulle sê ... kom sien my. As jy daar bo kom, kry jy net toe deure".

- **Studente verwag 'n vertrouensverhouding tussen leërdër en leer-begeleier met betrekking tot persoonlike sake en evalueringspraktyke.**

"Party dosente is nie betroubaar nie".

"Jy praat met 'n dosent, en maande later hoor jy ..."

"... hulle het dit (toetspunte) verkeerd opgetel, en 'n klomp punte wat in die handboek staan nie gemerk nie ..."

"How can you trust these people to mark your exam ...?"

Hierdie bevindinge word bevestig deur Thyer en Bazeley (1993 : 339) se studie. Hulle bevind dat nuweling-verpleegkundestudente die volgende aspekte as stressore beleef wat daartoe bydra dat studente hulle studies staak:

- **Gebrekkige beskikbaarheid van dosente vir konsultasie met studente.**
- **Tydsverloop tussen evaluering en terugvoer.**
- **Gebrek aan eenvormigheid met betrekking tot verwagtinge van dosente insake werksopdragte.**
- **Die wyse waarop dosente met studente kommunikeer.**
- **Die wyse waarop lesings aangebied word.**
- **Ontoereikende terugvoer op werksopdragte.**

Jackson (1983 : 35) sluit aan by Klopper (1994 : 83, 86-94), Mellish en Brink (1990 : 95), Curzon (1990 : 200, 229), Jacobs en Noeth (1994 : 20) en Gravett (1992 : 68-69) as hy verklaar "it is nevertheless the responsibility of the teacher to explain, to clarify, to reiterate and to communicate effectively with his students. If he cannot do this, he is in the wrong job ... That is why every teacher needs to critically examine what he is doing, and how he is doing it". Jackson stel voor dat die dosent homself/haarself die volgende vrae afvra:

- Het ek die vak relevant gemaak ten opsigte van die student se ervaringsveld?
- Is daar genoeg variasie in die metodes en hulpmiddels?
- Is die leerinhoud stimulerend en bied dit uitdaging aan die student?
- Is die doelstellings en doelwitte kristalhelder vir die student?

3.4.2.3 SAMEVATTENDE STELLINGS

Die volgende stellings word gemaak ten opsigte van die dosent:

- Die wyse waarop die dosent die leerstof aanbied, bevorder nie leer nie.
- Daar bestaan ontoereikende leerbegleiding ten opsigte van:
 - Verwagtinge van die dosent.
 - Terugvoer na evaluasie.
 - Beskikbaarheid van die dosent vir probleemoplossing.
 - Vertroue tussen dosent en student.

3.4.3 OMGEWINGSFAKTORE

Omgewingsfaktore verwys na die faktore in die militêre konteks waaroor die student weinig beheer het, en wat akademiese sukses beïnvloed. Geïdentifiseerde aspekte ten opsigte van die omgewing behels die:

- Fisiese fasiliteite.
- Buite-kurrikulêre verpligtinge.
- Ontspanningsgeriewe.

3.4.3.1 FISIESE FASILITEITE

Die fisiese fasiliteite verwys na die fisiese omgewing waar leer plaasvind, en sluit die klaskamer, klasgrootte en onderwys hulpmiddels in.

Die respondente in hierdie studie het die fisiese fasiliteite ervaar as frustrerend en glad nie bevorderlik vir leer nie.

"... klasse is te groot. Op skool was ons 27 - 30 in 'n klas, ... verlede jaar was ons 35 in 'n klas, en dié jaar sommer in die sewentig ...".

"... kan nie op die bord sien nie".

"... kan nie goed hoor nie".

Smith (1987 : 18) en Sherrod et al (1992 : 206) ondersteun klasgrootte as faktor wat student se konsentrasie beïnvloed.

Snyman (1981 : 58) is van mening dat klasgrootte as sulks nie 'n veranderlike is ten opsigte van onderrig-effektiwiteit nie, mits die lokaal

- geskik is vir die grootte van die klas
- die visuele hulpmiddels vir elke student duidelik sigbaar is, en
- die klank goed is.

3.4.3.2 BUIE-KURRIKULÊRE VERPLIGTINGE

Buite-kurrikulêre verpligtinge verwys na die verpligtinge waaraan die student in die militêre konteks onderwerp word, en deel vorm van sosialisering. Die verpligtinge word nie vervat in die akademiese kurrikulum nie.

Studente ervaar frustrasie omdat hulle nie 'n keuse het ten opsigte van die bywoning van buite-kurrikulêre verpligtinge nie, en meen dat waardevolle studietyd verkwis word.

"... parades deelneem, en dit vat tyd van ons werk en studies".

"... ontgroening".

"... sokkies".

"... eerstejaars móet mos alles bywoon, anders is jy in die moeilikheid".

"Even if you don't want to go, you have no choice".

Die Verplegingskollege funksioneer binne 'n militêre milieu wat gekenmerk word deur 'n eiesoortige kultuur van dissipline en outokraties afgedwonge gehoorsaamheid.

Smith (1987 : 20) is van mening dat eerstejaarstudente te min ondersteuning kry gedurende die eerste weke op die kampus wat gekenmerk word deur oriënterings- en sosialiseringprogramme. Die bewering sluit aan by die respondente in hierdie studie as hulle sê: "... baie tyd is geroof deur ander studente, die S.R. (studenteraad) en ontgroening ... as jy agter raak bly jy agter vir die hele jaar".

Smith (1987 : 23) merk tereg op dat dosente ongevoelig is vir die buite-akademiese lewe en -aktiwiteite van studente, sowel as die feit dat die eerstejaarstudent nog in 'n proses van inskakeling en aanpassing verkeer.

3.4.3.3 ONTSPANNINGSGERIEWE

Ontspanningsgeriewe verwys na die fisiese fasiliteite wat vir energie ontlading en fisiese, psigiese en emosionele ontspanning gebruik word. Dit sluit sportgeriewe in.

Studente ervaar die gebrek aan ontspanningsgeriewe 'n leemte wat daartoe lei dat alternatiewe fasiliteite in die stad benut word wat nie bevorderlik is vir studies nie.

"As ons uitgaan, gaan jy na 'n dansplek toe, meeste meisies slaap uit ... kuier nooit meer hier nie ... hulle drink ... 'n verkeerde manier van ontspan".

"Werkure ... moeilik om by 'n sportklub aan te sluit".

Tydens 'n ondersoek wat in September 1992 deur die Militêre Psigologiese Instituut gedoen is, blyk die afwesigheid van sport- en ontspanningsgeriewe toe ook as problematies geïdentifiseer te wees by die Verplegingskollege.

Die navorser is van mening dat die studente 'n keuse het ten opsigte van waar en hoe hulle wil ontspan. Dit sluit aan by Sherrod *et al* (1992 : 206) se bevinding dat gebrek aan selfdisipline bydra tot studente se akademiese probleme. Smith (1987 : 20) bevestig die stelling as hy beweer dat die gemiddelde student gekenmerk word deur 'n nie-akademiese waarde-oriëntasie.

3.4.3.4 SAMEVATTENDE STELLINGS

Die volgende stellings word gemaak ten opsigte van die omgewingsfaktore:

- Die fisiese fasiliteite benadeel leer en leerbegeleiding en is 'n faktor wat akademiese sukses beïnvloed.
- Buite-kurrikulêre verpligtinge verkwis potensiële studietyd en is 'n faktor wat akademiese sukses beïnvloed.
- Gebrekkige sport- en ontspanningsgeriewe strem strowe na fisiese, psigiese en goestelike heelheid, en mag akademiese sukses beïnvloed.

3.4.4 POSITIEWE ERVARINGS

Uit die fokusgroepbespreking blyk dit dat die studente die militêre konteks positief ervaar.

Studente ervaar die weermagdisipline en "volwasse druk" as bevorderend vir persoonlike en professionele groei.

"... volwasse druk. Ek is bly daaroor, dis 'n goeie ding. Ek is bly oor die Weermag ... jy kan nie verpleeg as jy nie disipline het nie. Jy is in 'n professionele beroep ... jy werk met pasiënte, met hulle lewens".

"... gekies om hier te wees".

3.5 SAMEVATTING

Uit die analise van die data soos verkry uit die getranskribeerde fokusgroep-onderhoud en die veldnotas van die fasiliteerder, kom die navorser tot die slotsom dat die oorsake van 'n onsuksesvolle eerste studiejaar multi-faktoriaal is.

Die wyse waarop die nuwelingstudent die akademiese en sosialiseringsoise versoen en internaliseer, is bepalend vir akademiese sukses in die eerste studiejaar.

Die stelling sluit aan by die Verplegingsteorie vir Mensheehoid (Randse Afrikaanse Universiteit, Departement Verpleegkunde, 1992) se stelling ten opsigte van gesondheid wat as volg lui:

“Die mens se kenmerkende wyse van interaksie met sy interne en eksterne omgewing bepaal sy gesondheid/heelheid”. In hierdie studie is heelheid sinoniem met akademiese sukses (vergelyk punt 1.4.1.2).

Samevattend word die resultate van die fokusgroepbespreking, die literatuurkontrole en die samevattende stellings in Tabel 3.2 weergegee.

Hoofstuk vier verteenwoordig fase twee van hierdie studie en behels die beskrywing van 'n konseptuele raamwerk.

TABEL 3.2 RESULTATE VAN FOKUSGROEPONDERHOUD EN LITERATUURKONTROLE

KONSEP	FOKUSGROEP	LITERATUUR EN VERWYSING	GEVOLGTREKING/STELLING
<p>STUDENT</p> <p>Aanpassing</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Nuwe omgewing • Ken niemand • Skielik weg van huis af • Nie meer gevoer nie • Kan doen wat wil • Onseker oor verwagtinge • Kan nie "cope" nie • "Volwasse druk" • Kind - volwassene • Baie werk • Gaping skool - kollege • Nie voorbereid op realiteit • Alleen • Nuwe vriende • Nuwe studiemetodes • Beroepseise • Entoesiasme • Dubbelberoep • Taal / Vertaal <p>Verdedigingsmeganismes</p> <ul style="list-style-type: none"> • Ontkenning • Vermyding • Intellektualisasie • Projeksie 	<p>Mellish & Brink (1990 : 53)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vreemde omgewing p28 • Vreemde ervaringe p28 <p>Smith (1987 : 17-23)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Grootstadomgewing p28 • Eensaamheid p28 • Identiteitsonsekerheid p28 • Gemis bekende ankers p28 • Ervaringsvreemde terminologie p31 • Vryheid van keuse p30 • Gaping skool - kollege p28 • Omvang, tempo van werk p30 <p>Jorissen (1985 : 24)</p> <ul style="list-style-type: none"> • "lepelvoer" p30 • Skool - universiteit p29 • Kernisontploffing p31 <p>Jacobs & Moeth (1994 : 15-18)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Skool - universiteit p29 • Onseker - verwagtinge p32 • Vryetydbesteding p30 <p>West (in Sherrod et al 1992 : 204) p33</p> <ul style="list-style-type: none"> • Nuwe situasies en vaardighede • Stres as gevolg van pyn en siekte • Rolkonflik • Verantwoordelikhede • Afsterwe en dood • Ontoereikendheid • Werkoorsading <p>Phillips & Hartley (1990 : 29) p34</p> <ul style="list-style-type: none"> • Engels tweede taal • Begrip, interpretasie probleme • Geskrewe kommunikasie 	<p>Die aanpassingsproses strem die student in haar strewende na akademiese sukses as gevolg van:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gaping tussen skool en kollege • Grootstadomgewing • Onpersoonlike lesingstyl • Nuwe vryheid en onafhanklikheid • Omvang en tempo van werk • Ervaringsvreemde kursusse • Onsekerheid oor verwagtinge • Realiteitskok • Dubbelberoep • Taal / vertaal • Aanpassingsreaksies

KONSEP	FOKUSGROEP	LITERATUUR EN VERWYSING	GEVOLGTREKKE/STELLING
Motivering	<ul style="list-style-type: none"> • Nie genoeg geleer • Raak agter • Te veel aangepas • "Went wrong way" • Gaan oorboord • Verwaarloos studies 	<p>Monteith (1988 : 26): p37</p> <ul style="list-style-type: none"> • Beheer oor leer <p>Du Toit (1993 : 13): p37</p> <ul style="list-style-type: none"> • Studiehouding • Studie orientasie • Leerkultuur 	Gebrekkige motivering presenteer in swak selfdissipline en studiehoudings en
Vakdissipline (Wetenskaplike Grondslae van Verpleging)	<ul style="list-style-type: none"> • Moelik, nuut • Baie werk • Moelike name • Gebrekkige vakintegrasie • Verwarrend • Druipvak • Fragmentasie 	<p>Sherrrod et al (1992 : 206): p39</p> <ul style="list-style-type: none"> • "Problems with Biology and Chemistry" <p>Caon & Treagust (1993 : 256-259):</p> <ul style="list-style-type: none"> • Moelik • Toepassingswaarde p39 • Selfstudie p39 • Toewyding bevorder sukses p39 <p>Thyer & Bazeley (1993 : 339)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Wetenskap-stressor vir nuwelinge p39 <p>Verdere ondersoek deur navorsers ten opsigte van druipele se matriekvakke:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 13 uit 15 respondente druipele SFM p39 • 5 uit 13 Wetenskap in matriek p39 • 4 uit 5 respondente behaal E-sinbool of laer in eindeksamen p39 	<p>Ontoereikende basiese wetenskap-kennis strem akademiese sukses:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gebrekkige vak-integrasie benadeel sin en betekenis

KONSEP	FOKUSGROEP	LITERATUUR EN VERWYSING	GEVOLGTREKING/STELLINGS
DOSENT		Jackson (1983 : 35) p44 - 45	
Klasaanbieding	<ul style="list-style-type: none"> • Klasse vervelig • Stel nie belang nie • Kan nie verduidelik nie • Lees uit die boek • Nie entoesiasies • Nie genoeg praktyk toepassing 	<ul style="list-style-type: none"> • Vak relevant tot ervaringsveld? • Genoeg variasie? • Leerinhoud stimulerend • Doelstellings duidelik? 	Die wyse waarop die dosent die leerstof aanbied, bevorder nie leer by die student nie.
Verwagtinge	<ul style="list-style-type: none"> • Boodskappe onduidelik • Ontoereikende terugvoer • Onsensitief vir probleme • Nie beskikbaar nie • Gebrekkige vertrouwe • "Went awfully fast" 	Thyer & Bazeley (1993 : 339): Eerstejaar stressore: p44 <ul style="list-style-type: none"> • Beschikbaarheid • Onseker - verwagtinge • Dosente kommunikasie • Lesaanbieding • Terugvoer 	Daar bestaan ontoereikende leerbegeleiding tov: <ul style="list-style-type: none"> • Verwagtinge • Terugvoer • Beschikbaarheid • Vertraoue

KONSEP	FOKUSGROEP	LITERATUUR EN VERWYSING	GEVOLGTREKING/STELLINGS
<p>OMGEVING</p> <p>Fisiese fasiliteite</p> <p>Buite-kurrikulêre verpligtinge</p> <p>Ontspanningsgeriewe</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Klasse te groot • Hoor nie goed nie • Sien nie goed nie • Parades • Ontgroening • Gebrek aan keuse • Tyd gerooft • Logistiese probleme 	<p>Snyman (1981 : 58): p46</p> <ul style="list-style-type: none"> • Klasgrootte nie faktor • Aanbieding is faktor <p>Militêre milieu: p47</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dissipline • Gehoorsaamheid <p>Smith (1987 : 20, 23): p47</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dosente ongevoelig • Dosente onbewus van nie-akademiese verpligtinge 	<ul style="list-style-type: none"> • Die fisiese fasiliteite benadeel leer en leerbegeleiding. • Buite-kurrikulêre verpligtinge verkuis potensiele studietyd • Gebrek aan ontspanningsgeriewe benadeel strewe na fisiese, psigiese en geestelike heelheid.

HOOFSTUK VIER

KONSEPTUELE RAAMWERK

4.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk verteenwoordig fase twee van hierdie studie.

Burns en Grové (1987 : 161) beskryf die doel van die konseptuele raamwerk as viervoudig:

- Die uitklaring van konsepte wat in die studie gebruik word.
- 'n Verduideliking van verwantskappe tussen konsepte.
- Konsepte bied 'n betekenisraamwerk waarbinne die navorsingsbevindinge vertolk moet word.
- Konseptuele raamwerke word in studies waar bestaande teorieë onvoldoende is, of nie bestaan nie, gebruik.

In hierdie studie word die Model vir Begeleide Selfstudie in Verpleegkunde (Klopper, 1994) as teoretiese begronding gebruik, en kan hierdie studie beskou word as 'n verfyning van die model in die konteks van 'n militêre milieu, hoewel dit nie die doel van die studie is nie.

4.2 DOELWITTE

Die doelwitte vir hierdie hoofstuk is:

- Literatuurverkenning vir teoretiese begronding.
- Identifisering en definiëring van konsepte.
- Beskrywing van die konseptuele raamwerk om die verwantskappe tussen die konsepte aan te dui.

4.3 ORIËNTASIE TOT DIE HOOFSTUK

Die doelwitte word ge-operasionaliseer deur die volgende proses te volg:

4.3.1 DATA-INSAMELING

Data-insameling behels die identifisering en definiëring van konsepte wat prominent voorgekom het tydens die fokusgroeponderhoud en die literatuurkontrole, en die konseptuele raamwerk vir die studie vorm.

4.3.2 POPULASIE EN STEEKPROEF

Die populasie en steekproef behels alle relevante nasionale en internasionale literatuur wat vir hierdie studie bestudeer is (N = 50).

4.3.3 VERTROUENSWAARDIGHEID

Die eise van vertrouenswaardigheid is nagekom deur die toepassing van die volgende maatreëls:

- 'n Wye literatuurkontrole is gedoen ten opsigte van die geïdentifiseerde konsepte.
- Hoewel 'n konseptuele raamwerk nie 'n vereiste is vir 'n studie van dié beperkte omvang nie, het die navorser wel 'n konseptuele raamwerk saamgestel, ten einde die vertrouenswaardigheid van die studie te verhoog.
- Die konseptuele raamwerk is bespreek met dosente in die militêre milieu.
- Strukturele kongruensie is behou met die meta-teoretiese aannames, naamlik die Verplegingsteorie vir Mensheehheid (Randse Afrikaanse Universiteit, 1991), en die teoretiese aannames van die Model vir Begeleide Selfstudie in die Verpleegkunde (Klopper, 1994).

4.3.4 DATA-ANALISE

Data-analise behels die "uitmekaar haal" van die literatuur wat verken is, met die doel om 'n sintese te maak tussen die data uit die fokusgroeponderhoud en die literatuur, en resulteer in die beskrywing van 'n konseptuele raamwerk (vergelyk tabel 5.1).

4.4 INHOUD VAN LITERATUUR

Die konsepte wat tydens die fokusgroeponderhoud geïdentifiseer is, word vervolgens vanuit literatuur bespreek.

Tabel 4.1 **Konsep-identifisering uit fokusgroeponderhoud**

HOOFKONSEP	SUBKONSEP	VERWYSING	
STUDENT		3.4.1	p27
	Aanpassing	3.4.1.1	p28
	Motivering	3.4.1.2	p36
	Vakdisipline	3.4.1.3	p38
DOSENT		3.4.2	p41
	Klasaanbieding	3.4.2.1	p41
	Verwagtinge	3.4.2.2	p42
OMGEWING		3.4.3	p45
	Fisiese fasiliteite	3.4.3.1	p46
	Buite-kurrikulêre verpligtinge	3.4.3.2	p47
	Ontspanningsgeriewe	3.4.3.3	p48

4.4.1 DIE STUDENT

Die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging (1992 : 5) omskryf 'n studentverpleegkundige as iemand wat pas sekondêre skool verlaat het en in 'n oorgangsfase is van laat-adolessensie na vroeë volwassenheid.

Klopper (1994 : 101-107) beskryf die studentverpleegkundige as 'n volwassene-leerder wat oor spesifieke karakteristieke beskik. Die student word as volwassene beskou op grond daarvan dat hy/sy 'n belastingbetaler en verantwoordelike landsburger is, en oor die selfkonsep van 'n volwassene beskik deurdat hy/sy verantwoordelikheid vir eie besluite en aksies ten opsigte van pasiëntsorg aanvaar. Klopper koppel sekere eienskappe aan die volwassene-leerder wat bevestig word deur literatuur soos aangedui in die volgende:

- Selfrigtinggewendheid en selfregulering (Monteith, 1988 : 26) wat impliseer dat die student verantwoordelikheid aanvaar vir, en beheer uitoefen oor sy/haar leer.

- **Ervaring.** Die student beskik oor 'n sekere verwysingsraamwerk van ervaring wanneer hy/sy tot die tersiêre onderwysituasie toetree (Rogers, 1993 : 26).
- Die student beskik oor 'n behoefte om te leer en in 'n spesifieke rigting te ontwikkel (Rogers, 1993 : 31).
- Die student is taak en probleem georiënteerd wat impliseer dat die leerinhoud toepassingswaarde behoort te hê. Dit sluit aan by Drake (1990 : 4) wat beweer dat goeie studiegewoontes en -houdings gepaard gaan met 'n beleving van sin en betekenis.

Die navorser is van mening, dat die eienskappe kenmerkend van die volwasseneleerder, nog in 'n proses van ontwikkeling is by die eerstejaarstudentverpleegkundige, en dat die dosent deur middel van leerbegeleiding en die skep van 'n konteks wat leer bevorder, die doel van verplegingsopleiding en -onderrig verwesentlik. Die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging (1992 : 3) beskryf die doel van Verpleegonderwys as "gerig op die ontplooiing en ontwikkeling van die verpleegstudent as volwassene op persoonlike en professionele vlak en behoort te lei tot kognitiewe, affektiewe en psigomotoriese ontwikkeling van die student, asook die bereiking van voorgeskrewe programdoelstellings".

Vanuit die Verplegingsteorie vir Mensheelheid (Randse Afrikaanse Universiteit, 1992) beskou die navorser die student as heel persoon met 'n interne omgewing (liggaam, psige en gees) en 'n eksterne omgewing (fisies, sosiaal en geestelik) wat in hierdie studie verteenwoordig word deur die Verplegingskollege, dus die fisiese fasiliteite en die dosent as leerbegeleier en leerkonteksskepper in 'n groter militêre omgewing met 'n eiesoortige kultuur.

Tydens analise van die fokusgroeponderhoud is aanpassing van die eerstejaarstudentverpleegkundige geïdentifiseer as faktor wat akademiese sukses beïnvloed.

4.4.1.1 AANPASSING


Louw (1990 : 515) sien aanpassing as noodsaaklik vir 'n harmoniese verhouding tussen die behoeftes van die student en die van die omgewing.

Aanpassing volg op verandering. Die student verander van woonplek, betree die beroepslewe en 'n tersiêre onderwysinstansie gelyktydig. Heel dikwels is dit die eerste keer dat die student die ouerhuis verlaat, daar kan dus aanvaar word dat die verandering spanningsdruk (stres) tot gevolg het wat sy/haar funksionering beïnvloed.

Louw (1990 : 515 e.v.) is van mening dat die wyse waarop die spanningsdruk deur die student hanteer word, afhang van die:

- Mate waarin die student voorberei is vir die verandering.
- Mate van beheer wat die student het oor die situasie.
- Student se interpretasie van die situasie.
- Vertroue dat hy/sy die situasie kan hanteer, en
- beskikbaarheid van ondersteuning vir die student.

Nicholson (in Fisher en Cooper, 1990 : 86 e.v.) verduidelik die oorgangsproses (aanpassing) aan die hand van 'n model (figuur 4.1) wat vier stadia insluit. Die verskillende stadia is interafhanklik van mekaar, in die sin dat wat in een stadium gebeur, die volgende stadium beïnvloed.



FIGUUR 4.1 OORGANGSPROSESMODEL (Nicholson, 1987)

Nicholson (1987) beskryf sy Oorgangsprosesmodel vanuit die volgende drie aannames (in Fisher en Cooper, 1990 : 86-89).

- Repetering

Die oorgangsproses word gesien as 'n voortdurende proses van siklusse waarin die mens hom bevind. Wanneer die mens een siklus voltooi het, lei die laaste stadium van die siklus alweer die eerste stadium van die volgende siklus in.

- Disfunksie

Die oorgangsproses word in stadia verdeel as gevolg van elke stadium se onderskeidende doelwitte.

- Interafhanklikheid


Dit wat in een stadium gebeur, beïnvloed dit wat in die volgende stadium gebeur. Die mate waarin die student voorbereid is op die oorgangs- of veranderingsproses, kan die impak van die ontmoetingstadium versag of verskerp.

Vervolgens word die vier stadia van die Oorgangsprosesmodel bespreek.

Figuur 4.1 illustreer die take en doelstellings van die verskillende oorgangstadia.

Fase 1 is die voorbereidingstadium, en behels die verwagtinge, motiewe en gevoelens waarmee die oorgangsproses betree word. Ongeag van die mate van voorbereiding, is die ontmoetingstadium altyd vol onverwagse ervarings. Die ideaal sou wees dat die ontmoetingstadium met vertroue in eie vermoëns, hanteringsmeganismes en genieting van die gestelde uitdaging betree sal word. Die sentrale taak tydens die aanpassingstadium is die skep van 'n verhouding tussen die self en die omgewing, deur die internalisering van die verandering sodat in albei partye se behoeftes voldoen word. Die vierde stadium is die van stabilisering. Die doel is hier om 'n vertrouensverhouding tussen die organisasie en die self te skep, en dat die effektiewe bemeestering van take en die instandhouding van verhoudings met toewyding uitgevoer word.

Sukses in een stadium fasiliteer sukses in die volgende stadium. Die beginsel geld ook dat mislukking in een stadium, negatiewe gevolge vir die volgende stadium inhou (vergelyk figuur 4.2). Sou die nuwelingstudent dus die oorgangsproses betree met ooroptimistiese verwagtinge en 'n "realiteitskok" beleef in die ontmoetingstadium, word 'n verskeidenheid van verdedigingsmeganismes in werking gestel om die gepaardgaande spanningsdruk (stres) te hanteer. Dit lei dan tydens die aanpassingstadium tot wanaanpassing, gevoelens van vernedering en hartseer, en in die stabiliseringsfase, gevoelens van mislukking, fatalisme en onderprestasie en moontlike staak van studies.



FIGUUR 4.2 UNSUKSESVOLLE OORGANGSPROSES (Nicholson, 1987)

Raelin (in Fisher en Cooper, 1990 : 90) beweer "Unsuccessful adaptation can be corrosive to self belief and weaken the motivational underpinning necessary for future pro-active coping".

Thyer en Bazeley (1993 : 337) is van mening dat studente met onopgeloste stres en 'n gebrek aan emosionele ondersteuning, geneig is tot leerprobleme en algemene aanpassingsprobleme.

Aanpassing het te make met sosialisering. Die internalisering van waardes en norme dui aan op aanvaarding in 'n spesifieke groep ten einde deel van daardie groep of samelewing te wees. Die militêre milieu waartoe die eerstejaarstudentverpleegkundige toetree, verg groter re-solisering as dit waarby sy/haar eweknie in 'n ander konteks moet aanpas.

Kozier et al (1991 : 24) beweer "the most extreme form of resocialization occurs in institutions that control every aspect of a person's existence ... the armed services. Extreme socialization is aimed at stripping individuals of their own identity and replacing it with a new one ... uniforms ... and they are pressured to conform in thinking and behaviour". Studente word binne die eerste maand na hulle toetreding onderwerp aan 'n spesiale oriënteringsprogram ("Basies") as inlywing tot die militêre kultuur.

4.4.1.2 MOTIVERING

Plug, Meyer, Louw en Gouws (1989 : 226) definieer motivering as 'n klas faktor wat gedrag bepaal. Gedrag word medebepaal deur die eerstejaargestudent self deur energie bronne soos behoeftes, drange of doelstellings.

Herzberg (in Gerber, Nel en Van Dyk, 1987 : 272 e.v.) onderskei twee stelsel faktore wat mense (studente as leerders en dosente as leerbegeleiers) motiveer tot groter prestasie en tevredenheid (akademiese sukses). Hierdie twee stelsel faktore noem hy:

- Motiveerders of intrinsieke doelwitte wat te make het met prestasie, erkenning, vordering en groei, verantwoordelikheid en die interessantheid, uitdaging en betekenis wat die werk (leerinhoud) inhou, en
- Higiëne-, instandhoudingsfaktore, bevredigers of ekstrinsieke faktore. Dit behels daardie faktore wat doelwitbereiking "gemakliker" maak vir die student en die dosent. Faktore soos interpersoonlike verhoudings, werktoestande, werksekuriteit, status en vergoeding word hierby ingesluit.

Meerkotter (1982 : 2-3) onderskei drie motief strukture in die tersiêre leerkonteks waarvan die dosent as leerbegeleier behoort kennis te neem.

- Ego versterkende motiewe wat 'n begeerte is na persoonlike prestasie in 'n kompeterende sin, om byvoorbeeld beter punte as 'n ander te behaal.
- Affiliatiewe motiewe, verwys na die student se behoefte om aanvaar te word deur die dosent.
- Inhoudgerigte motiewe, verwys na die wyse waardeur die student deur die leerinhoud aangespreek word, en hy/sy 'n al groter nuuskierigheid omtrent die leerinhoud openbaar.

Beide die dosent en die student het motivering nodig in hulle strewe na heelheid. Die student as leerder het motivering nodig om die leerinhoud te bemeester en die dosent as leerbegeleier om die leerinhoud vir die leerder te ontsluit en 'n klimaat te skep wat leer bevorder. Indien motivering by die dosent en/of die student sou ontbreek, impliseer dit dat doelbereiking, naamlik akademiese sukses gekortwiek word. Daar bestaan dus 'n interafhanklikheid tussen die dosent en die student ten opsigte van motivering. Die dosent kan die student dus aanspoor tot beter funksionering en die student kan die dosent aanspoor tot beter funksionering. Die student se studiehouding en die dosent se houding ten opsigte van die ontwikkeling van die adolessente student tot selfrigtinggewende volwassene-leerder is onlosmaaklik deel van die mate van motivering wat by beide partye betrokke is (Monteith, 1982 : 6; Du Toit, 1993 : 14).

Long (1990 : 75) beklemtoon die belang van 'n motiverende leerklimaat vir selfgerigte leer as hy hom as volg uitlaat "... we must change the paradigm to one in which we consider creating an environment in which people can apply their motivation rather than one in which we motivate people".

4.4.1.3 VAKDISSCIPLINE

Verpleegkunde vereis 'n wetenskaplike grondslag wat essensieël is vir die verstaan van die funksionering van die menslike liggaam. Botes en Van Tonder (1993 : 37) bevind dat die akademiese profiel van 'n B-Cur student lyk soos die van 'n tipiese BSc student, omdat die Verpleegkunde kursus swaar belaa is met fisiese en biologiese wetenskappe. Die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging (1992) stel dit onomwonde "... die vermoë om wetenskaplike gegewens vir verpleeghandeling te vertolk ..."

Mellish en Brink (1990 : 55) voer aan dat baie studente toetree tot die verpleegberoep sonder die basiese wetenskaplike onderbou wat nodig is, omdat die studente gekeur word op grond van hulle algemene akademiese prestasie. Die volgende redes word aangevoer vir die algemene swak prestasie in Wetenskap:

- Te min Wetenskap onderwysers; omdat Wetenskap onderlegde skoolverlaters deur die industrie opgeraap word, en die finansiële gewin vir onderwysers soveel laer is as in die privaatsektor.
- Keuse van "maklike" vakke op skool.
- Ontoereikende loopbaanvoorligting.

Die inferensie word gemaak dat studente sonder Wetenskap op matriekvlak 'n agterstand het wat moeilik ingehaal word. Voeg hierby die probleme wat die afgelope dekade of wat in swart onderwys ondervind is met boikotte, stakings en onluste, dan verg dit 'n baie gedetermineerde student om die eerste studiejaar suksesvol te voltooi.

4.4.1.4 KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE STUDENT

Daar bestaan 'n interafhanklikheid tussen die nuwelingstudent se hantering van die oorgangsproses (aanpassing), sy/haar vlak van motivering en die bemeestering van die vakdissipline. Effektiewe bemeestering van die faktore is bepalend vir akademiese sukses.

4.4.2 DIE DOSENT AS LERBEGELEIER EN SKEPPER VAN 'N KONTEKS WAT LEER BEVORDER

Glendon en Ulrich (1992 : 37) beskryf die dosent as "no longer the center of knowledge, but the facilitator of learning. The facilitator acts as a guide by creating an environment that is conducive to learning". Die stelling sluit aan by Klopper (1994 : 73 e.v.) wat aanvoer dat onderrig en leer nie kousaal is nie. Die dosent het nie beheer oor die student se leer nie. Klopper bepleit 'n klemverskuiwing vanaf onderriggewer na leerbegeleier. As fasiliteerder van leer benut die dosent die student se ervaring, behoefte aan selfrigtinggewendheid en taak- en probleemgerigtheid, sodat die student sy/haar eie leerbehoefte kan bepaal en 'n aktiewe konstrueerder van kennis word. As leerbegeleier bestuur die dosent onderrig. Die student raak aktief betrokke by sy/haar leer (Jacobs en Noeth, 1994 : 20), terwyl die dosent as leerbegeleier optree ten einde die doel van verplegingsopleiding soos deur die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging (1992) voorgelê, te verwesenlik, naamlik "Die ontwikkeling van die vermoë om analities, krities evaluerend en skeppend te dink en die voortdurende stimulering van die vermoë om wetenskaplike gegewens vir verpleeghandeling te vertolk, afleidings te maak en selfstandige oordeel uit te oefen".

Klopper (1994 : 79) identifiseer die volgende eienskappe waaraan 'n leerbegeleier behoort te voldoen:

- Vakdeskundigheid.
- Vaardigheid as fasiliteerder van leer.

- **Effektiewe en vaardige kommunikator.**
- **Beskikbaarheid vir studente.**
- **Positiewe ingesteldheid teenoor studente.**
- **Sin vir humor.**
- **Warmte en 'n empatiese ingesteldheid.**
- **Erkenning van die uniekheid van elke leerder.**
- **Respektering van leerders se standpunte.**

Klopper beskryf die taak van die dosent as leerbegeleier in terme van die toepassing van Ramsden se ses beginsels vir die fasilitering van diepte-holistiese leer (Klopper, 1994 : 82 e.v.):

- **Belangstelling in die vak en verduideliking van vakinhoud aan studente, met die doel om studente se belangstelling te wek vir die vak.**
- **Besorgdheid oor en respek vir leerders en hulle leer. Dit omsluit aspekte soos eerlikheid, opregtheid en beskikbaarheid vir studente.**
- **Toepaslike evaluering en terugvoer.**
- **Duidelike doelwitte en intellektuele uitdaging.**
- **Onafhanklikheid, kontrole en aktiewe betrokkenheid. Die beginsel hang nou saam met die student se behoefte aan selfrigtinggewendheid en aanvaarding van verantwoordelikheid vir eie aksies.**

- **Leer van die studente.** Die beginsel behels die diagnostisering en korrigerende van studente se misverstaan.

Die dosent as leerbegeleier het benewens die leerbegeleidingstaak ook 'n verantwoordelikheid ten opsigte van die skep van 'n konteks wat bevorderlik is vir leer (Klopper, 1994 : 85 e.v.; Mellish en Brink, 1990 : 93; Curzon, 1990 : 20; Du Toit, 1993 : 13; Monteith, 1988 : 33; Meerkotter, 1982 : 5; Gravett, 1992 : 68-69). Klopper bevind in haar navorsing verder dat die dosent as skepper van 'n konteks bevorderlik vir leer, in interaksie is met die studente deur middel van:

- **Refleksie in die vorm van vertelling, diskoers en dialoog,**
- **rolmodellering en**
- **entoesiasme ten opsigte van die onderrigtaak sowel as die leerinhoud.**

Du Toit (1993 : 13) beweer dat dit vir die student belangrik is om positief ingestel te wees teenoor die dosent se optrede en metodes in die lesingsaal, so ook teenoor die opvoedkundige ideale, doelstellings, praktyke en vereistes van die inrigting waar hy/sy studeer, want dan is dit vanselfsprekend makliker om die motivering te hê om te "wil" studeer.

As fasiliteerder van diepte-holistiese lewenslange leer by die student behoort die dosent as leerbegeleier op 'n intensionele wyse 'n konteks te skep wat bevorderlik is vir leer (Klopper, 1994 : 86). Die intensionaliteit van die daad verwys na motivering (4.3.1.2).

Ten einde in staat te wees om hierdie konteks te skep, is dit nodig dat die dosent weet hoe leerders leer.

Klopper (1994 : 117) ondersteun die konstruktivistiese perspektief op leer wat beklemtoon dat leer plaasvind deur konstruering en nie slegs memorisering nie. Effektiewe leer is afhanklik van die leerder se motivering, wat gereflekteer word in studiehoudings en -metodes, selfmonitering en verwerking van inligting. Die verwerking hang af van die student se bestaande kennisraamwerk, en of die nuwe inligting gekoppel kan word aan bestaande konsepsies en/of 'n heeltemal nuwe konseptuele beeld ontwikkel moet word. Die dosent as skepper van 'n leerkonteks behoort dus begrip te bevorder by studente. Gravett (1992 : 68-70) gee die volgende wenke ten opsigte van aanbidding van leerstof om begrip te bevorder:

- **Struktureer l6sing rondom 'n probleem.**
- **Skep 'n vraaghouding by studente.**
- **Stel vas wat is studente se bestaande konsepsies en bou daarop voort.**
- **Maak gebruik van veraanskouliking, byvoorbeeld diagramme en visuele voorstellings.**
- **Aktiewe betrokkenheid van studente deur middel van dialoog, debattering en vraagstelling.**

Mellish en Brink (1990 : 85) bevestig aktiewe betrokkenheid van die student deur die volgende aanhaling "she should not only receive, but must contribute and participate".

Aktiewe betrokkenheid geld ook vir die dosent. Mellish en Brink (1990 : 93) beskryf die leersituasie as 'n doelbewuste aktiwiteit tussen student en dosent. Die student leer dus nie net uit die handboek nie, maar ook uit die rolmodellering van die dosent (Klopper, 1994 : 95).

Glendon en Ulrich (1992 : 37) ondersteun die beginsel van aktiewe betrokkenheid deur groepsbesprekings as alternatief vir die lesing voor te stel, en sê: "Co-operative learning produce greater academic achievements ... but also improve student self esteem and promotes positive attitudes about school". Verder is dié skrywers van mening dat groepwerk kommunikasievaardighede, samewerking en individuele aanspreeklikheid bevorder.

Klopper (1994 : 95) beskryf die rol van die dosent as leerklimaatskepper as 'n proses van interaksie tussen dosent en student. Die dosent stimuleer krities-analitiese denke by die student deur dialoog, diskoers en vertelling.

Entoesiasme word deur die literatuur as 'n belangrike komponent vir 'n leer bevorderende leerklimaat gesien (Klopper, 1994 : 96; Mellish en Brink, 1990 : 94; Gravett, 1992 : 70; Snyman, 1981 : 59). Deur entoesiasies te wees oor sy vak kan die dosent 'n nuuskierigheid by die student wek om meer van die betrokke vak te wete te kom. Die nuuskierigheid sluit aan by inhoudsgerigte motivering (vergelyk punt 4.4.1.2).

Smith (1987 : 24) is van mening dat dosente die waarde van 'n lesing oorskakel. Hy haal navorsing aan wat deur die Buro vir Universiteitsonderrig gedoen is, en bevind het dat 30 % manstudente en 27 % vrouestudente swak konsentreer tydens lesings. Smith (1987 : 24) bevestig Mellish en Brink (1993 : 123) se stelling dat die lesing as onderrigmetode slegs 20 % effektief is.

Beard en Gaganakis (1990 : 53) ondersteun hierdie studie se bevinding deur die dosent uit te wys as "one of the most important factors for educational success in a student's environment".

Smith (1973 : 24) beweer verder dat dosente swak bemarkers van hulle vakke is. Die stelling sluit aan by Jackson (1983 : 35) wat na Maslow verwys wat beweer het dat die mens 'n inherente nuuskierigheid en soeke na kennis openbaar. Hierdie nuuskierigheid kan goed benut word deur die leerstof op 'n interessante, stimulerende wyse in 'n verskeidenheid van metodes aan te bied. Sou Ramsden se beginsels toegepas word (p.69), sal 'n interaktiewe benadering, byvoorbeeld 'n groepsbespreking meer gepas wees as 'n formele lesing. Smith (1987 : 24), Mellish en Brink (1993 : 124) en Curzon (1990 : 200), beveel aan dat 'n verskeidenheid van stimuli benut moet word om studente se aandag te behou.

4.4.2.1 KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE DOSENT

Die dosent as vakkundige fasiliteer akademiese sukses by die nuwelingeerstejaarsstudent deur 'n konteks te skep wat leer bevorder en deur effektiewe leerbegeleiding die nuwelingstudent te rig tot selfrigtinggewendheid.

4.4.3 OMGEWING

Vanuit die Verplegingsteorie vir Mensheehheid (Randse Afrikaanse Universiteit, Departement Verpleegkunde, 1992) is die eksterne omgewing daardie situasies of omstandighede buite die individu (student) wat 'n invloed op sy/haar lewe uitoefen.

Die fisiese omgewing behels die betekenisvolle stimuli wat direk of indirek lei tot verandering in gedrag, en objekte waarteen die student 'n spesifieke houding het of waarop hy reageer.

In hierdie studie verwys die omgewing na die Verplegingskollege in 'n groter militêre milieu. Die Verplegingskollege vorm saam met die kliniese fasiliteite die student se leeromgewing.

Verpleegonderwys word gerig deur Regulasies van die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging wat minimum vereistes vir die Diploma vir registrasie as Verpleegkundige (Algemeen, Psigiatriese-, Gemeenskaps-) en Vroedvrou stel (Regulasie 425). Die Verplegingskollege as opleidingskool bepaal die kurrikulum wat deur die Kollegesenaat en die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging goedgekeur word voor implementering.

Die Verplegingskollege funksioneer binne 'n groter militêre omgewing. Dit is 'n unieke situasie. Hierdie Verplegingskollege funksioneer dus nie net onder die Wet op Verpleging, Wet no 50 van 1978 (soos gewysig) nie, maar ook onder die Verdedigingswet, Wet no 44 van 1957 (soos gewysig).

Heinecken (1994 : 31) sê militêre diens "requires from it's personnel a degree of commitment that differs from that required by other organizations. Military personnel enter into a contract of unlimited liability with their employer" (die Staat).

Hierdie toewyding ("commitment") behels faktore soos militêre dissipline, outokraties afgedwonge gehoorsaamheid, respek vir die rang en lojaliteit teenoor die regering van die dag. Indien 'n lid nie sou voldoen aan die norme van militêre dissipline nie, kan hy/sy ingevolge die Reglement van Dissipline aangekla, verhoor en gestraf word. Die Reglement van Dissipline omvat die Verdedigingswet, Wet no 44 van 1957, die eerste bylae tot die Wet en reëls in terme van die Wet uitvaardig. Die straf varieer van 'n berisping tot oneervolle ontslag (Brits, 1995).

Die Staande Mag personeel, wat dosente en studente insluit, dra militêre uniform wat die lede tweeledige groep- en beroepstatus verleen, naamlik militêr en verpleegkundig.

4.4.3.1 FISIESE FASILITEITE

Die literatuur (Curzon, 1990 : 164; Mellish en Brink, 1990 : 74 en Kozier et al., 1991 : 282) beskryf 'n fisiese omgewing bevorderlik vir leer as gemaklik, goed geventileer, goeie beligting, sitplekgroeperings wat bevorderlik is vir aangesig-tot-aangesig interaksie en die gebruik van onderwys hulpmiddels.

Barnard (in Van der Westhuizen, 1986 : 446, 447) voeg verder die noodsaaklikheid van akoestiek by, sowel as die afwesigheid van geraas van buite af. Barnard beklemtoon dat leerlinge/studente se leervermoë positief beïnvloed word deur 'n stimulerende, interessante en aangename milieu, met voldoende ruimte wat bevorderlik is vir die gebruik van onderwys hulpmiddels. Barnard (in Van der Westhuizen, 1986 : 462) haal Gorton (1983) aan: "The physical environment in which we work can and does influence what we do and how we feel. It can affect our flexibility in teaching, our communication patterns, the amount of noise and extent of discipline problems ...".

4.4.3.2 BUIE-KURRIKULÊRE VERPLIGTINGE

Die buite-kurrikulêre eise wat aan die eerstejaarstudent gestel word, het sosialisering ten doel; sosialisering ten opsigte van die student rol, sowel as die van Staande Mag lid in 'n militêre kultuur. Die sosialiseringsproses is gekonsentreer in die eerste agt weke na die student se toetreding. Van die agt weke word een week in beslag geneem deur algemene oriëntering, drie weke deur militêre oriëntering en vier weke studente-oriëntering. Die studente-oriëntering vind plaas terwyl die eerstejaars hulle eerste maand op Kollege is, en die akademie in alle erns begin. Nature word die eerstejaars deur die Studenteraad gesosialiseer. Dit mag moontlik meebring dat studente agterraak met hulle akademiese verpligtinge. Smith (1987 : 20) se beskrywing van die eerstejaar-universiteitstudent se eerste weke op kampus stem ooreen met die navorsers se waarneming. Smith (1987 : 21) is van mening dat vele eerstejaars nie daarin slaag om betyds 'n gesonde perspektief ten opsigte van hulle studies te kry nie; met die gevolg dat hulle dan swak presteer in die eerste toetsreeks en maklik moed opgee.

4.4.3.3 ONTSPANNINGSGERIEWE

Vanuit die Verplegingsteorie vir Mensheehheid word die mens as 'n heelmens gesien, wie se gesondheidstaat afhang van die kenmerkende wyse van interaksie tussen sy interne en eksterne omgewing. Kozier et al (1991 : 67) haal Smith (1984) aan wat hierdie heehheid omskryf as "... the whole of the person's being and the quality of life-style. It includes physical fitness, primary prevention of negative physical and emotional states, stress management ...".

Volgens Maslow se hiërargie van behoeftes word fisiese aktiwiteit geklassifiseer as 'n basiese behoefte. Dit impliseer dat indien die behoefte nie bevredig word nie, 'n gesondheidsprobleem mag ontstaan. Oefening as ontspanningstegniek word algemeen aanvaar as kuur vir spanningsdruk (stres).

Die doel van ontspanning word deur Louw en Edwards (1993 : 704) beskryf as 'n manier om die liggaam en psige te bevry van die spanning waarvan ons bewus is. Louw en Edwards (1993 : 706) beskryf die doel van fisiese oefening as 'n wyse waardeur opgeboude energie vrygestel word. Vir sommige mense is eksplisiewe, kompeterende sport effektief, terwyl ander van ritmiese oefening hou.

Die navorser is van mening dat hoewel die Verplegingskollege nie beskik oor formele sportfasiliteite soos 'n swembad en tennisbane nie, daar ruim geleentheid is vir 'n individuele sport- en ontspanningsprogram. Studente kan draf, ritmiese oefening doen en fietsry, en selfs die goed-toegeruste gimnasium wat gratis tot hulle beskikking is, en binne drie kilometer vanaf die woonkwartiere geleë is, besoek.

4.4.3.4 KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE OMGEWING

Die volgende konklusies word ten opsigte van die omgewing gemaak:

- Die fisiese fasiliteite voldoen nie aan die algemeen aanvaarbare norme vir formele volwassene-onderrig nie.

- Die sosialiseringproses wat deur die buite-kurrikulêre verpligtinge afdwing word, bevorder groepskohesie, maar mag bydra dat die nuwelingsstudent akademies agter raak en nie weer die agterstand ingehaal kry nie.
- Die afwesigheid van fisiese sport- en ontspanningsgeriewe verskoon nie die student van die verantwoordelikheid ten opsigte van sy/haar eie welsyn nie, maar mag effektiewe streshantering kortwiek.

4.5 DEFINIËRING VAN KONSEPTE VAN DIE KONSEPTUELE RAAMWERK

Mouton en Marais (1992 : 127-128) beskryf konsepte as die basiese konstrakte van die navorsingsproses; simbole van betekenis. Die definisies wat gevolglik gestel word is teoreties gegenerende definisies en is aanvullend tot die meta-teoretiese definisie in hoofstuk een (vergelyk 1.4.1).

4.5.1 STUDENT

Die student verwys na die eerstejaarstudentverpleegkundige, gewoonlik 'n persoon in sy/haar laat adolessensie wat in 'n oorgangsfase is vanaf 'n sekondêre na 'n tersiêre onderwyssituasie, vanaf geborge afhanklikheid na selfrigtinggewendheid. Hy/sy het 'n behoefte aan effektiewe leerbegeleiding met die doel om akademiese sukses te behaal.

4.5.1.1 AANPASSING

Aanpassing verwys na die veranderinge wat die eerstejaarstudentverpleegkundige behoort te akkommodeer om as lid van 'n spesifieke groep erken te word, sodat die behoeftes van die student sowel as die van die omgewing (Verplegingskollege binne militêre milieu) bevredig word.

4.5.1.2 MOTIVERING

Motivering verwys na die wil/dryfkrag om 'n daad uit te voer, naamlik leer vir die student en leerbegeleiding vir die dosent, met die doel dat die student akademiese sukses behaal.

4.5.1.3 VAKDISSCIPLINE

Die term vakdissipline, verwys na die vak Wetenskaplike Grondslae van Verpleging, wat modules insluit ten opsigte van Anatomie, Fisiologie, Mikrobiologie, Chemie en Fisika en Farmakologie.

4.5.2 DOSENT

Die definisie soos voorgehou deur Klopper (1994 : 236) word aanvaar en gekontekstualiseer in hierdie studie.

Die leerbegeleier is 'n begeleier en leerklimaatskepper wat die leerder op sy/haar leerweg vergesels en leerondersteunend optree, wat op intensionele wyse 'n konteks skep wat bevorderlik is vir leer, met die doel om akademiese sukses te fasiliteer.

4.5.3 OMGEWING

Die omgewing verwys na 'n spesifieke konteks, naamlik 'n Verplegingskollege wat binne militêre milieu funksioneer.

4.5.3.1 FISIESE FASILITEITE

Fisiese fasiliteite verwys na die fisiese omgewing waar formele verpleegonderwys plaasvind, naamlik die klaskamer, die klasgrootte en onderwys hulpmiddels.

4.5.3.2 BUIE-KURRIKULÊRE VERPLIGTINGE

Buite-kurrikulêre verpligtinge verwys na daardie aktiwiteite wat nie deel is van die kurrikulum nie, maar in die militêre konteks van die studente verwag word as deel van die sosialiseringsproses.

4.5.3.3 ONTSPANNINGSGERIEWE

Ontspanningsgeriewe verwys na die fisiese fasiliteite wat vir energie-ontlading en fisiese, psigiese en emosionele ontspanning gebruik word. Geriewe vir sport-booefoning word hierby ingesluit.

4.5.4 VERWANTE KONSEPTE

4.5.4.1 AKADEMIESE SUKSES

Akademie se sukses verwys na die student as leerder en die dosent as leerbegeleier se strewe na heelheid wat gestalte vind daarin dat die student aan die kriteria voldoen om na die tweede studiejaar bevorder te word.

4.5.4.2 INTERAKSIE

Interaksie is die proses van kommunikasie tussen die leerbegeleier en die student met die doel om die leerinhoud te verstaan en in die praktyk toe te pas. Interaksie vind plaas deur middel van dialoog, diskoers en vertelling en is die proses waardeur 'n konteks geskep word wat leer bevorder. Interaksie vind ook plaas met die eksterne omgewing, naamlik die Verplegingskollege binne 'n groter militêre omgewing.

4.6 SAMEVATTENDE BESKRYWING VAN DIE VISUELE VOORSTELLING VAN DIE KONSEPTUELE RAAMWERK

Die volgende beskrywing word aangebied om die verwantskap tussen die geïdentifiseerde en gedefinieerde konsepte aan te dui, en geïllustreer in figuur 4.3 (p.82).

Die konseptuele raamwerk word binne die konteks van 'n Verplegingskollege beskryf wat in 'n groter militêre milieu funksioneer.

Die sentrale konsepte is die student (vergelyk 4.5.1), die dosent as leerbegeleier (4.5.2) en die omgewing (4.5.3) wat in 'n proses van interaksie (4.5.4.2) met mekaar is, en sentraal staan in die visuele voorstelling. Die voorstelling van die student is groter as die van die leerbegeleier en omgewing, vanweë die feit dat dit die student is wat strewe na akademiese sukses (4.5.4.1) en gestrem word deur faktore binne die sfeer van die leerbegeleier, student en omgewing.

Die struikelblokke binne die sfeer van die student, sluit in aanpassing (4.5.1.1), motivering (4.5.1.2) en vakdissipline (4.5.1.3). Daar bestaan 'n interafhanklikheid tussen die student se hantering van die oorgangsproses (aanpassing), sy/haar vlak van motivering en die bemeestering van die vakdissipline. Effektiewe bemeestering van die faktore is bepalend vir akademiese sukses.

Die faktore binne die sfeer van die leerbegeleier sluit in leerbegeleiding en die skep van 'n konteks wat leer bevorder.

Die leerbegeleier as vakkundige behoort akademiese sukses by die student te fasiliteer deur die skep van 'n konteks wat leer bevorder en deur middel van effektiewe leerbegeleiding.

Vanuit die sfeer van die omgewing, is daar drie struikelblokke vir akademiese sukses, naamlik die fisiese fasiliteite (4.5.3.1) wat nie aan die aanvaarbare norme vir volwassene onderwys voldoen nie, buite-kurrikulêre verpligtinge (4.5.3.2) wat potensiële studietyd verkwis, en ontoereikende ontspanningsgeriewe (4.5.3.3) wat stres hantering kortwiek.


Die faktore kan gesamentlik deur die leerbegeleier en die student aangepak en uitgeskakel word.

Die doel van hierdie studie word geoperasionaliseer deur die beskrywing van riglyne vir die leerbegeleier vir die fasilitering van akademiese sukses. Die riglyne word beskryf binne die unieke konteks van die Verplegingskollege binne militêre milieu, met die doel om die geïdentifiseerde struikelblokke vir akademiese sukses te elimineer, en die student te begelei in sy/haar strewe na heelheid (akademiese sukses).

4.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is konsepte uit die fokusgroep geïdentifiseer, gedefinieer en uit die literatuur toegelig. Die konseptuele raamwerk is visueel voorgestel en beskryf.

Hoofstuk vyf behels die riglyne, gevolgtrekkings, tekortkominge en aanbevelings, en verteenwoordig fase drie van hierdie studie.



FIGUUR 4.3 VISUELE VOORSTELLING VAN KONSEPTUËLE RAAMWERK

HOOFSTUK VYF

RIGLYNE, GEVOLGTREKKINGS, TEKORTKOMINGE EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk verteenwoordig fase drie, wat die doel van hierdie studie is, naamlik die beskrywing van riglyne vir die fasilitering van akademiese sukses by eerstejaarstudentverpleegkundiges in 'n verplegingskollege.

5.2 DOELWITTE

Die doelwitte vir hierdie hoofstuk is:

- Die beskrywing van riglyne vir die fasilitering van akademiese sukses, soos saamgestel uit die resultate van die fokusgroeponderhoud en die literatuurstudie.
- Die evaluering van hierdie studie.
- Die beskrywing van tekortkominge.
- Aanbevelings ten opsigte van die verpleegpraktyk, verpleegonderwys, en verpleegnavorsing.

5.3 ORIËNTASIE TOT HOOFSTUK

Ten einde die doelwitte te operasionaliseer word die volgende stappe gevolg:

5.3.1 DATA-INSAMELING

Data-insameling in die hoofstuk behels die geïnfereëerde data uit die fokusgroeponderhoud, die literatuurkontrole en die konseptuele raamwerk (vergelyk tabel 5.1), met die doel om uit die data riglyne vir die dosent ten opsigte van die fasilitering van akademiese sukses by die student te beskryf.

5.3.2 POPULASIE EN STEEKPROEF

Die populasie en steekproef sluit al die data in wat vir die studie gebruik is, naamlik die data wat verkry is uit die getranskribeerde fokusgroeponderhoud, die literatuurkontrole (N = 8 stellings) en die konseptuele raamwerk (N = 3 stellings).

5.3.3 VERTROUENSWAARDIGHEID

Die volgende maatreëls is getref om aan die eise van vertrouenswaardigheid te voldoen:

- Die navorser was intensief betrokke by die insameling en analise van data.
- Voorgestelde riglyne is bespreek met dosente in die militêre milieu vir uitvoerbaarheidskontrole.
- Volledige prosesbeskrywing is deurentyd gevolg.
- Waarheidsgetrouheid is nagestreef deur deduktiewe redenering vanuit die Model vir Begeleide Selfstudie in die Verpleegkunde (Klopper, 1994). Induktiewe redenering is gevolg deurdat nuwe kennis gegenereer is ten opsigte van die unieke Verplegingskollege binne die militêre omgewing.

- Die oordraagbaarheidswaarde van die studie is nagestreef deur wye literatuurkontrole sodat die bevindings van hierdie studie toepassingswaarde in ander kontekse mag hê, alhoewel die uniekheid van hierdie konteks die bevindings mag beïnvloed.

5.3.4 DATA-ANALISE

Data-analise is gedoen deur deduktiewe redenering vanuit die teoretiese model vir hierdie studie, naamlik die Model vir Begeleide Selfstudie in die Verpleegkunde (Klopper, 1994). Induktiewe redenering word gevoer vanuit die unieke konteks waarin hierdie studie geloods is, naamlik die Verplegingskollege binne militêre milieu, waaroor daar sover bekend, geen vorige navorsing gedoen is nie, en hierdie studie dus nuwe data genereer.

5.3.5 RESULTATE

Die resultate van hierdie studie is gegeneer vanuit die resultate van die fokus-groeponderhoud, literatuurkontrole en die konseptuele raamwerk, en vervat in riglyne vir die dosent ten opsigte van die fasilitering van akademiese sukses by eerstejaarstudentverpleegkundiges aan die Verplegingskollege binne militêre milieu (Tabel 5.1, p90).

5.4 EVALUERING VAN DIE STUDIE

Hierdie navorsingsprojek is uitgevoer binne 'n spesifieke tyd-ruimtelike konteks, naamlik 'n verplegingskollege wat binne 'n groter militêre milieu funksioneer. Die uniekheid van die konteks dra by tot die uniekheid van die studie. Dit is die enigste studie ten opsigte waarvan faktore wat die akademiese sukses van eerstejaarstudentverpleegkundiges in 'n militêre milieu verken is, uitgevoer is. Die doel was die beskrywing van riglyne vir die dosent vir die fasilitering van akademiese sukses by eerstejaarstudentverpleegkundiges. Die bevindings en die riglyne vir die dosent mag toepassingswaarde hê buite die militêre milieu in ander verplegingskolleges en tersiêre instansies waar eerstejaarstudente soortgelyke struikelblokke vir

akademiese sukses ervaar (en bevestig is deur literatuur). Die militêre milieu met sy eiesoortige kultuur van strukturele dissipline is positief, en nie as struikelblok ervaar nie.

Die kwalitatiewe aard van die studie vereis:

- Duidelike beskrywings. In hierdie studie is gepoog om keuses te verantwoord en prosedures wat gevolg is, toe te lig met visuele voorstellings.
- Metodologiese kongruensie is behou deur nougesette dokumentasie ten opsigte van prosedures wat gevolg is en die etiese oorwegings wat geakkommodeer is (vergelyk tabelle, figure en bylae). Die doel is om die ouditeerbaarheid van die studie te vergemaklik, en vertrouenswaardigheid wat kenmerkend is van goeie navorsing, te verseker.
- Die eise van analitiese presiesheid is nagestreef deur triangulering. Daar is van 'n kundige en vaardige eksterne fasiliteerder vir die fokusgroep, en 'n ervare kwalitatiewe data-analis as eksterne kodeerder, gebruik gemaak. Relevante nasionale- en internasionale literatuur is verken en in verband gebring met bevindinge van hierdie studie.
- Die bevindinge van hierdie studie het implikasies vir die verpleegpraktyk, verpleegonderwys en verpleegnavorsing, en die aanbevelings is uiteengesit in punt 5.2.4.

Die sentraal teoretiese stelling het veronderstel dat eerstejaarstudente se wyse van interaksie met sy/haar interne en eksterne omgewing dien as struikelblok vir akademiese sukses, en dat die student, die dosent en die organisasie 'n bydrae te lewer het, tot die bevordering van akademiese sukses.

Die navorsing het hierdie stelling bevestig, en die doel van die studie, naamlik die beskrywing van riglyne vir die fasilitering van akademiese sukses, geregtig.

5.5 BEPERKINGE VAN DIE STUDIE

Die navorser het die volgende aspek as beperking in die studie ervaar.

- **Die Fokusgroeppgrootte**

Vyftien deelnemers het aan die fokusgroeponderhoud deelgeneem. Dit het die vraag laat ontstaan of daar optimale geleentheid vir elke lid was om sy/haar bydrae te lewer, en of die groep dalk meegevoer kon wees deur die verbaal meer aktiewe lede. Daar kon moontlik 'n groter variasie van data wees indien twee fokusgroepe direk na mekaar gehou was, en die deelnemers in twee groepe gedeel was. Die probleem is oorkom deur die homogeniteit van die deelnemers en die vaardigheid van die fasiliteerder ten opsigte van groephantering.

5.6 AANBEVELINGS

Vanuit die funksionele denkbenadering, wat praktykverbetering ten doel het, word die volgende aanbevelings gemaak.

5.6.1 VERPLEEGPRAKTYK

Die navorser beveel aan dat daar nouer samewerking tussen die doserende- en saalpersoneel bewerkstellig word. Die saalpersoneel se kundigheid ten opsigte van die toepassingswaarde van die vak, Wetenskaplike Grondslae van Verpleging, behoort benut te word, sodat die studente sin en betekenis in die leerinhoud ervaar. Die studente se saalervaring behoort as leergeleentheid benut word, en nie slegs as werkkrag nie.

5.6.2 VERPLEEGONDERWYS

Die navorser beveel aan dat:

- Besin word oor die toelating van studente wat nie oor Wetenskap as matriekvak beskik nie.
- Besin word oor die moontlike instelling van 'n studente-ontwikkelingsprogram met die doel om skoolverlaters te oriënteer ten opsigte van die tersiêre onderwyssituasie, kommunikasievaardighede, (lees, skryf, logiese argumentasie, Engels) en Wetenskap.
- Dat die dosent hom/haarself krities evalueer ten opsigte van die effektiwiteit van sy/haar rol as leerbegeleier en skepper van 'n konteks wat leer bevorder.

5.6.3 NAVORSING

Vanweë die beperkte omvang van hierdie studie, kon die navorser nie die volgende terreine in besonderhede verken nie, en kan dit aanbeveel word vir moontlike toekomstige navorsing.

- Taal as struikelblok vir akademiese sukses.
- Spesifieke probleemareas ten opsigte van die vak Wetenskaplike Grondslae van Verpleging.
- Die lesing as onderrigmetode in verpleegonderwys.
- Die invloed van omgewingsfaktore op onderrigeffektiwiteit.
- Tydsbesteding deur studente.

- **Uitvoerbaarheidstudie na 'n maandelike studente-ontwikkelingsprogram ten opsigte van gereedmaking vir tersiêre onderwys.**
- **Eksperimentele ontwerp ten opsigte van die interaksie tussen dosent en student.**
- **Multi-kulturele verpleegonderwys.**

5.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die riglyne vir die fasilitering van akademiese sukses per tabel (tabel 5.1) uiteengesit. Die studie is ge-evalueer en aanbevelings is gemaak ten opsigte van verpleegpraktyk, -onderwys en -navorsing.

TABEL 5.1 RIGLYNE VIR DIE LERBEGELEIER VIR DIE FASILITERING VAN AKADEMIESE SUKSES

GEINFERENSIERDE DATA UIT FOKUSGROEP EN LITERATUUR	KONSEPTUELE RAAMWERK EN VERWYSING	RIGLYNE VIR DIE FASILITERING VAN AKADEMIESE SUKSES
<p>STUDENT</p> <p>Aanpassing:</p> <p>Die student se strewe na akademiese sukses word gestrem deur die aanpassingsproses tov:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Groot stadomgewing • Gaping tussen skool en kollege <ul style="list-style-type: none"> • Onpersoonlike lesingstyl • Omvang en tempo van werk • Ervaringsvreemde kursusse • Onsekerheid oor verwagtings • Taal/Vertaal • Aanpassingsreaksies • Realiteitskok <ul style="list-style-type: none"> • Dubbelberoep • Nuwe vryheid 	<ul style="list-style-type: none"> • Verantwoordelikheid, volwassenheid • Verander van afhanklikheid na selfrigtinggewing • Behoeftte om te leer en te ontwikkel p59 • Beskik oor ervaring p59 • Leerinhoud - toepassingswaarde p59 • Verandering - aanpassing - stres p60 • Aanpassing is harmoniese verhouding tussen individu en omgewing p60 • Voorbereiding tov verandering bepaal verloop van oorgangsproses p62 • Onopgeloste stres strem aanpassing p64 • Re-sosialisering in militêre omgewing p64 	<p>Die leerbegeleier behoort kennis te dra van en begrip te toon vir student se aanpassing en behoefte aan self-riotinggewing deur:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Effektiewe leerbegeleiding en die skep van 'n konteks wat leer bevorder • Leerbegeleier behoort kennis te dra van studente se aanpassingsproses, sensitief te wees vir aanpassingsprobleme sodat risiko-studente verwys kan word vir gespesialiseerde hulp • Leerbegeleier behoort beskikbare hulpbronne aan studente bekend te stel, bv studente-berader, kapelaansdienste, sielkundige • Studente behoort aangemoedig te word om kontak te behou met betekenisvolle ander bv. familie, vriende buite verpleegberoep • Verplegingskollege behoort te besin oor die instel van 'n studente-ontwikkelingsprogram ten einde die oorgangsproses geleidelik en sinvol te laat verloop tov voorbereiding vir: <ul style="list-style-type: none"> • Tersiêre onderwys: <ul style="list-style-type: none"> • Kommunikatiewe vaardighede • Selfwerksaamheid • Wetenskap • Verpleging: <ul style="list-style-type: none"> • Dubbelberoep status • Beroepskeuse • Streshantering • Militêre sosialisering

GEINFERENSIEERDE DATA UIT FOKUSGROEP EN LITERATUUR	KONSEPTUELE RAAMWERK EN VERWYSING	RIGLYNE VIR DIE FASILITERING VAN AKADIESE SUKSES
<p>Motivering:</p> <p>Gebrekkige motivering presenteer in swak self-dissipline en studiehoudings</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Motivering bepaal gedrag p65 • Intrinsieke/inhoudsgerigte motivering p66 • Ekstrinsieke/ego-versterkend/affiliatiewe motivering p66 • Leerkultuur - uitdaging - versterk motivering p66 • Student aanvaar eienaarskap vir leer p68 • Student beheer eie leer p68 • Dosent en student interafhanklik tov motivering p66 • Motiverende leerklimate p66 • Positiewe ingesteldheid teenoor dosent, opvoedkundige ideale en doelstellings p70 	<ul style="list-style-type: none"> • Slegs studente wat studente-ontwikkelingsprogram suksesvol deurloop het, kwalifiseer vir finale toelating tot verpleegopleiding • Leerbegeleier behoort student te rig tot aanvaarding van verantwoordelikheid vir eie leer, deur sinvolle werksopdragte, self- en portuurgroep-evaluering • Student behoort gefokus te word op onafhanklike professionele praktisyenskap in plaas van om eksamen te slaag • Bevorder selfdissipline deur skedulering van werksopdragte aan die hand van teikendatums • Beloon persoonlike prestasie van student deur aanprysing • Die leerbegeleier behoort kennis te dra van studente se motiefstrukture ten einde sinvolle uitdagings te stel • Leerbegeleier behoort interaksie te bevorder deur gesprekvoering, debatte en besprekings
<p>Vakdissipline:</p> <p>Ontoereikende basiese wetenskap kennis strem akademiese sukses</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gebrekkige vak-integrasie benadeel sin en betekenis 	<ul style="list-style-type: none"> • Ontoereikende Wetenskap onderbou p67 • Ontoereikende beroepsvoorligting p67 • Verpleegpraktyk gegrond op interpretasie van wetenskaplike gegewens p67 • Kursus swaar belaa met fisiese en biologiese wetenskappe p67 	<ul style="list-style-type: none"> • Omsigtige keuring van studente sonder Wetenskap op matriekvlak • Besin oor moontlike redusering van vakinhoud deur bepaling van toepassingswaarde, ten einde sinbeleding te verhoog • Besin oor studente-ontwikkelingsprogram ter voorbereiding van studente met ontoereikende wetenskap prestasie • Benut kliniese praktyk vir sinbeleding en toepassingswaarde, dmv sinvolle praktyk-opdragte; nouer samewerking tussen doserende- en saalpersoneel

GEINFERENSIËERDE DATA UIT FOKUSGROEP EN LITERATUUR	KONSEPTUELE RAAMWERK EN VERWYSING	RIGTYKE VIR DIE FASILITERING VAN AKADENTIESE SUKSES
DOSENT AS LERBEGELEIER	<ul style="list-style-type: none"> • Vakdeskundigheid p69 • Fasiliteerder van leer p68,69 • Kommunikator p69 • Besikbaar p69 • Positiewe ingesteldheid p69 • Humorsin, empatie, warmte p69 • Bestuur leer p68 • Leerbegeleier fasiliteer leer p68 	<ul style="list-style-type: none"> • Leerbegeleier behoort aanspreeklikheid te aanvaar en gemotiveerd te wees tov die skep van 'n leerbevorderende konteks en leerbegeleiding, en nie vir studente se leer nie
<p>Leerkonteks:</p> <p>Die wyse waarop die dosent die leerstof aanbied, bevorder nie leer by die student nie</p> <p>Leerbegeleiding:</p> <p>Daar bestaan ontoereikende leerbegeleiding tov:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verwagtinge • Terugvoer • Besikbaarheid • Vertroue 	<ul style="list-style-type: none"> • Ontwikkeling van krities-analitiese denke by student p68 • Refleksie, rolmodellering, entoesiasme p70 • Interaksie deur: <ul style="list-style-type: none"> • Dialoog, diskoers, vertelling p70,72 • Student positief ingestel p70 • Intensionaliteit tov leerkonteks p68 • Kennis tov hoe studente leer p70 • Probleemgerigte aanbieding p71 • Vraaghouding p71 • Bepaal bestaande konsepies p71 • Veraanskouliking p71 • Aktiewe betrokkenheid van leerbegeleier en student p71,72 • Waarde van lesing oorskakel p72 • Leerbegeleier swak bemerkers van vakke p73 • Studente inherent nuuskierig p73 • Stimulerende aanbieding van leerinhoud p73 • Belangstelling, verduideliking - wek belangstelling p69 • Eerlikheid, opregtheid, beskikbaarheid p69 • Evaluering en terugvoer p69 • Duidelike doelwitte, intellektuele uitdaging p69 • Diagnostisering en korrigerende van misverstaan p69 • Bevorder begrip p71 	<ul style="list-style-type: none"> • Die student behoort 'n aktiewe deelnemer in leersituasie te wees, bv klasdebatte • Die interaktiewe benadering behoort die eerste keuse in onderrigstrategie te wees, en sluit metodes soos groepbesprekings, seminare, gevalstudies en rolspel in • Studente behoort prosesmatig ingelyf te word ten opsigte van selfwerkzaamheid deur middel van begeleide selfstudie, dmv studiehandleidings, leerpakette, self-evaluering • Die lesing as metode waarop leerinhoud aangebied word, behoort met omsigtigheid gekies te word • Leerbegeleier behoort veraanskouliking te benut tydens aanbied van leerinhoud, dmv visuele voorstellings • Die leerbegeleier behoort sy/haar vak te bemark deur vakkundigheid, entoesiasme en praktyktoepassing van leerinhoud • Die leerbegeleier behoort die leerinhoud in 'n verskeidenheid van leergeleenthede vir die student te ontsluit en voorbeelde behoort identifiseringswaarde vir die student te hê • Die leerbegeleier behoort die student te begelei dmv <ul style="list-style-type: none"> • maklik verstaanbare doelwitte, bronverwysings en leergeleenthede in die studiehandleiding • duidelike evalueringskriteria • spoedige, konkrete terugvoer na evaluering • beskikbaar en toeganklik te wees vir studente om leerbegeleier per afspraak te konsulteer • eerlikheid, vertroulikheid en openheid

GEVOLGTREKKINGS	KONSEPTUELE RAAMWERK EN VERVYSING	RIGLYNE VIR DIE FASILITERING VAN AKADEMIESE SUKSES
<p>OMGEWING</p> <p>Fisiese fasiliteite:</p> <p>Fisiese fasiliteite benadeel leerklimaat en leerbegeleiding</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Verplegingskollege binne militêre milieu <ul style="list-style-type: none"> • Onvoorwaardelike aanspreeklikheid teenoor Staat p74 • Militêre dissipline p74 • Outokraties afgedwonge gehoorsaamheid p74 • Reglement van dissipline p74 • Militêre en beroepstatus p74 • Goë ventilasie p75 • Goë beligting p75 • Goë akoestiek p75 • Gemaklike sitplekke en sitplekgroepering p75 • Geskik vir klasgrootte p75 • Stimulerend p75 • Geskik vir onderwys hulpmiddele p75 • Beïnvloed onderrig en leer p75 	<ul style="list-style-type: none"> • Leerbegeleier behoort as rolmodel die keuse om in 'n militêre milieu te studeer en funksioneer, te demonstreer en uit te leef deur 'n positiewe gesindheid, lojaliteit en respek vir militêre tradisies en -norme • Leerbegeleier behoort onderrigmetode aan te pas by gegewe fisiese fasiliteite, deur kleingroep-besprekings en klasdebatte • Leerbegeleier behoort vertoe te rig ten opsigte van kleiner klasgroepe en opgradering van klaskamer-fasiliteite
<p>Buite-kurrikulêre verpligtinge:</p> <p>Buite-kurrikulêre verpligtinge verkuis potensiële studietyd</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Sosialiseringseise p75 • Skep ongesonde perspektief p75 • Dosent onbewus van nie-akademiese eise p67 • Studente - nie-akademiese waarde-orientasie p68 	<ul style="list-style-type: none"> • Leerbegeleier behoort sensitiviteit te openbaar teenoor student se nie-akademiese verpligtinge • Rig student tot aanvaarding van verantwoordelikheid vir eie leer deur gestruktureerde selfdoen pakette • Rig student ten opsigte van effektiewe tydsbeplanning deur teikendatums
<p>Ontspanningsgeriewe:</p> <p>Gebrek aan ontspanningsgeriewe benadeel strewe na fisiese, psigiese en geestelike heelheid</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Ontspanning en fisiese oefening nodig vir stresshantering p76 • Fisiese aktiwiteit – energie vrystelling p76 	<ul style="list-style-type: none"> • Rig student ten opsigte van aanvaarding van verantwoordelikheid vir eie welsyn, deur persoonlike doelwitbeplanning • Bevorder kreatiwiteit deur eksternemotiveringstechnieke soos beloning te benut

- AFRICAN NATIONAL CONGRESS 1994:** The Reconstruction and Development Plan. Johannesburg : Umanyana Publications.
- BARNARD, SS 1986:** Opvoedkundige beplanning en benutting van fisiese fasiliteite. (In : Van der Westhuizen, PC red. 1986 : Onderwysbestuur. Pretoria : HAUM Opvoedkundige Uitgewery, pp 446-447, 462).
- BEARD, PNG & GAGANAKIS, M 1990:** The psychological parameters of tertiary education. Bulletin for Academic Staff, 11(1) 1990 : 49-56.
- BOTES, AC 1991a:** Die funksionele denkbenadering in die Verpleegkunde, : Curationis, 14(1) July 1991 : 19-23.
- BOTES, AC 1991b:** 'n Model vir navorsing in die Verpleegkunde. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit (ongepubliseerd).
- BOTES, AC 1992:** 'n Model vir navorsing in die Verpleegkunde. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit (ongepubliseerd).
- BOTES, AC 1994:** Die skryf van 'n verantwoordbare navorsingsvoorstel of oriënteringshoofstuk. Johannesburg, Randse Afrikaanse Universiteit (ongepubliseerd).
- BOTES, AC & VAN TONDER, AHD 1993:** 'n Profiel van die B-Cur-student 1988-1992 aan die Randse Afrikaanse Universiteit. Curationis, 16(4) 1993 : 32-37.
- BRITS, PHK 1995:** Onderhoud gevoer op 1 Junie 1995 ten opsigte van die Reglement van Dissipline.
- BURNS, N & GROVÉ, SK 1987:** The practice of nursing research : conduct, critique and utilization. Philadelphia : W.B. Saunders Company.

- CAON, M & TREAGUST, D 1993:** Why do some nursing students find their science courses difficult? Journal of Nursing Education. 32(b) 1993 : 255-259.
- CHASKA, NL 1990:** The nursing profession turning points. St Louis : C.V. Mosby Company.
- COURAGE, MM & GODBEY, KL 1992:** Student retention : Policies and Services to enhance persistence to graduation. Nurse Educator : 17(2) March/April 1992.
- CURZON, L B 1990 :** Teaching in further education. An outline of principles and practice, fourth edition. London : Cassel Education Limited.
- CRESWELL, JW 1994:** Research design : Qualitative and quantitative approaches. Thousand Oaks : Sage Publications.
- DE SELINCOURT, K 1992:** Unequal struggle. Nursing Times, 88(32) 1992 : 20.
- DIETSCHE, PHJ 1990:** Freshmen attrition in a College of Applied Arts and Technology of Ontario. The Canadian Journal of Higher Education, XX(3) 1990 : 65-82.
- DONOVAN, MS 1989:** The high risk student. Journal of Professional Nursing, 5(3) May - June 1989 : 120.
- DRAKE, E 1990:** Hoe keer mens die hoë driuipsyfer? Implikasies en Aanbevelings. Focus UPE, May 1990 : 4-35.
- DU TOIT, BH 1993:** Die studiegewoontes en -houdings van stakers in vergelyking met nie-stakers in hul eerstejaar. UP Dosent. Bulletin oor Hoër Onderwys, Universiteit van Pretoria, 14(2) 1993 : 9-15.

- FISHER, A 1995:** Onderhoud gevoer op 20 Januarie 1995 ten opsigte van die finansiële implikasies met betrekking tot die eerstejaar druipsyfer.
- FISHER, S & COOPER, CL 1990:** On the move : Psychology of change and transition. Chichester : John Wiley and Sons Ltd.
- FOURIE, CM 1990:** Eerstejaarstudente wat hulle studies staak. Bulletin vir Dosente. Blad vir Hoër Onderwys, Randse Afrikaanse Universiteit, 22(1) 1990 : 25-35.
- GERBER, PD; NEL, PS & VAN DYK, PS 1988:** Mannekragbestuur. Johannesburg : Southern Boekuitgewers.
- GLENDON, K & URICH, D 1992:** Using co-operative learning strategies. Nurse Educator, 17(4). July/August 1992 : 37-40.
- GRAVETT, SJ 1992:** Vyftien wenke vir goeie dosentskap. Bulletin vir dosente, Randse Afrikaanse Universiteit, 24(1) 1992 : 68-71.
- GRIFFITHS, MJ; BEVIL, CA; O'CONNOR, PC & WIELAND, DM 1995:** Anatomy and Physiology as a predictor of success in Baccalaureate Nursing Students. Journal of Nursing Education, 34(2) 1995 : 61-66.
- HIEMSTRA, RC 1968:** Die offisier as heer. Militêre Akademie : Saldanha.
- HEINECKEN, L 1994:** Soldiers and employee rights : South African trends and issues. Strategic Review for South Africa, XVI(2) November 1994 : 25-52.
- JACKSON, F 1983:** Are we boring our students? Nursing Mirror. 27 April 1983 : 35.

- JACOBS, CD & NOETH, AJ 1994:** Leërgereedmakingsprogramme vir nuweling-
eerstejaarstudente aan die Universiteit van Pretoria. UP Dosent, Bulletin oor
Hoër Onderwys. Universiteit van Pretoria, 15(1) 1994 : 15-23.
- JORISSEN, HW 1985:** Enkele doelstellings van en probleme in tersiêre onderrig.
UP Dosent, Bulletin oor Hoër Onderwys, Universiteit van Pretoria, 6(1)
1985 : 21-28.
- JULY, FM 1988:** Recruitment and retention of black students in Bacca-laureate
nursing programs : An application of the marketing process. University
Microfilms International : Ann Arbor.
- KACHELHOFFER, PM 1983:** Terugvoëring aan die student. UP Dosent, Bulletin oor
Hoër Onderwys, Universiteit van Pretoria, 4(2) 1983 : 17-23.
- KLOPPER, HC 1994:** 'n Model vir begeleide selfstudie. Johannesburg:
Randse Afrikaanse Universiteit (D-Cur proefskrif).
- KLOPPER, HC 1995:** Vertrouenswaardigheidstrategieë in kwalitatiewe navorsing.
RAU-Cur, Randse Afrikaanse Universiteit, 1(1) Mei 1995.
- KOZIER, B; ERB, G & OLIVIERI, R 1991:** Fundamentals of nursing : Concepts,
process and practice, fourth edition. Redwood City : Addison-Wesley
Publishing Company, Inc.
- KRUEGER, RA 1994:** Focus groups : a practical guide for applied research.
Thousand Oaks : Sage Publications.
- LINCOLN AND GUBA 1985:** Naturalistic enquiry. Beverly Hills : Sage
Publications.
- LONG, DG 1990:** Learner managed learning. London : Kogan Page Limited.

LOUW, DA 1990: Inleiding tot die psigologie, tweede uitgawe.

Johannesburg : Lexicon Uitgewers.

LOUW, DA & EDWARDS, DJA 1993: Sielkunde. 'n Inleiding vir studente

in Suider-Afrika. Johannesburg : Lexicon Uitgewers.

MEERKOTTER, DA 1982: Inhoudsgerigte motivering in die tersiêre

onderrigleersituasie. Bulletin vir Dosente Kwartaalblad oor die Hoër

Onderwys. Randse Afrikaanse Universiteit, 15(2) 1982 : 2-7.

MELLISH, JM EN BRINK, H 1993: Teaching the practice of nursing.

Durban : Butterworths.

MENZIES, IEP 1970: The functioning of social systems as a defence

against anxiety. London : Centre for Applied Social Research.

MILITARY PSYCHOLOGICAL INSTITUTE, 1992: Qualitative report. Project "ECG".

Pretoria : Military Psychological Institute (ongepubliseerd).

MONTEITH, JL DE K 1988: Faktore wat die akademiese prestasie van eerstejaars

beïnvloed. Bulletin vir Dosente. Blad vir Hoër Onderwys, Randse Afrikaanse

Universiteit, 20(1) 1988 : 22-34.

MOUTON, J EN MARAIS, HC 1992: Basiese begrippe : metodologie van die

geesteswetenskappe, hersiene uitgawe. Pretoria : Raad vir

Geesteswetenskaplike Navorsing.

MULLER, ME 1991: Die vraag na en aanbod van verpleegkundiges in Suid-Afrika.

Curationis, 14(1) July 1991 : 41-48.

ORAL ROBERTS UNIVERSITY ANNA VAUGHN School of Nursing : 1990 Selfstudy report, submitted to the Council of Baccalaureate and Higher Degree Programmes, National League of Nursing, August 1990. Vol.1 - Narrative by Criteria. Tulsa Oklahoma : Oral Roberts University : Anna Vaugh School of Nursing : 13, 136 - 142.

PLUG, C; MEYER, WF; LOUW, DA; GOUWS, LA 1989 : Psigologie Woordeboek, tweede uitgawe. Johannesburg : McGraw & Hill.

PHILLIPS, S & HARTLEY, J 1990: Teaching students for whom English is a second language. Nurse Educator, 15(5) September/October 1990 : 29-32.

RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT 1992: Verplegingsteorie vir Mensheelheid. Johannesburg : Randse Afrikaanse Universiteit.

ROGERS, A 1993: Teaching adults. Milton Keynes, Philadelphia : Open University Press.

SARKESIAN, SC 1979: Changing dimensions of military professionalism : Education and enlightened advocacy. Military Review, LIX(3) March 1979 : 44-55.

SNYMAN, M 1981: Klasgrootte en onderrigeffektiwiteit. Bulletin vir Dosente, Kwartaalblad oor Hoër Onderwys. Randse Afrikaanse Universiteit, 14(1) 1981 : 57-60.

SHERROD, RA; HARRISON, LL; LOWERY, BH; WOOD, FG; EDWARDS, RM; GASKINS, SW & BUTTRAM, T 1992: Freshmen Baccalaureate nursing students' perceptions of their academic and non-academic experiences : Implications for retention. Journal of Professional Nursing 8(4) July - August 1992 : 203-208.

- SMITH, DPJ 1987:** Aanpassingsprobleme van die eerstejaar student en foute wat dosente maak. Bulletin for university teachers, 19(1) April 1987 : 17-25.
- STEWART, DW EN SHAMDASANI, PN 1990:** Focus groups theory and practice. Newbury Park : Sage Publications.
- SUID-AFRIKA (REPUBLIEK) GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA 1993** (Wet nr 200 van 1993). Pretoria : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKAANSE RAAD OP VERPLEGING, 1988:** Riglyne vir die kursus wat lei tot registrasie as 'n Verpleegkundige (Algemene-, Psigiatrisie en Gemeenskaps) en Vroedvrou. 22 April 1988. Pretoria : Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging.
- SUID-AFRIKAANSE RAAD OP VERPLEGING, 1992:** Filosofie van die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging ten opsigte van professionele verpleegopleiding en onderrig. 5 Augustus 1992 : Pretoria : Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging.
- SUID-AFRIKAANSE VERPLEEGSTERSVERENIGING, 1991:** Standpunt memorandum : etiese standaarde vir verpleegkundige navorsers. Pretoria : Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging.
- THYER, SE EN BAZELEY, P 1993:** Stressors to student nurses beginning tertiary education : An Australian study. Nurse Education Today, 13 1993 : 336-342.
- TONER, JH 1992:** The American military ethic. A meditation. New York : Praeger Publishers.
- UYS, HHM & BASSON, AA 1983:** Navorsingsmetodologie in die Verpleegkunde. Pretoria : HAUM.

WILSON, HS 1989: Research in nursing, second edition. Redwood City :
Addison-Wesley Publishing Company.

WILSON, HS & KNEISL, CR 1988: Psychiatric nursing, third edition.
Menlo Park : Addison-Wesley Publishing Company.

BYLAAG : 1

1995 - 03 - 06

.....
 Direkteur Verpleegkunde
 Geneesheer-Generaal
 Privaatsak X102
 HENNOPSMEER
 0046

Geagte

**TOESTEMMING VIR NAVORSINGS-PROJEK BY VERPLEEGKOLLEGE : 86770427
 PE : KAPT M.J.S. WILLIAMS**

Hiermee word toestemming versoek vir die uitvoer van 'n navorsingsprojek te
 Verpleegkollege waartydens studente betrek sal word.

Die projek word onderneem ten einde aan die vereistes vir die verwerwing van die
 M Cur - graad in Verpleegonderwys, aan die RAU, te voldoen.

Ek onderneem om die navorsing tydens die studente se afdienstye te onderneem.

Die onderwerp van my navorsing is: "Riglyne vir die fasilitering van akademiese
 sukses".

Ek onderneem verder om die bevindinge en aanbevelings ter verbetering van die
 huidige onderwysituasie aan die beskikbaar te stel vir goedkeuring.

.....
 KAPT M.J.S. WILLIAMS: MAGISTER STUDENT
 pp BEVELVOERDER
 VERPLEEGKOLLEGE : LT KOL

.....
 DR H C KLOPPER
 STUDIELEIER

Vir Optrede

.... HK (Aandag :))

Ter Info

.... Verpleegkollege (Aandag :))

Intern

BYLAAG : 2

**Telefoon : 314-0802
Navrae : Kapt M. Williams**

**Posbus 459
Wingatepark
0153
22 Maart 1995**

KENNISGEWING

**NAVORSING: RIGLYNE VIR DIE FASILITERING VAN AKADEMIESE SUKSES
VAN EERSTEJAAR STUDENT VERPLEEGKUNDIGES**

1. Kennis geskied hiermee van 'n groepsbespreking wat gehou gaan word op Woensdag 5 April 1995 om 14:00 tot 15:30 in Kromdraai, C-Blok.
2. Die doel van hierdie groepsbespreking is data-insameling vir 'n navorsingsprojek.
3. Die groepsbespreking word op oudioband opgeneem om later woord vir woord getranskribeer te word, ten einde geldige en betroubare data te verseker.
4. Groepslede se anonimiteit word te alle tye beskerm en die versekering word gegee dat die oudiobande en die getranskribeerde weergawe vernietig sal word na die data-verwerking.
5. Deelname is vrywillig. Indien u bereid sou wees om deel te neem aan die groepsbespreking, voltooi asseblief die onderstaande toestemmingsvorm en besorg dit by C-Blok, Kamer 607, voor/op Maandag 3 April 1995.
6. Die resultaat van die navorsing sal na voltooiing beskikbaar gestel word vir insae.

**(M.J.S. WILLIAMS)
DOSENT : KAPTEIN**

Hiermee verklaar ek myself bereid om deel te neem aan die groepsbespreking.

Naam: Rang: Nommer:

HANDTEKENING:

BYLAAG : 3 : TRANSKRIPSIE - FOKUSGROEPONDERHOUD

F: Watter faktore het daartoe bygedra dat u die eerste studiejaar gedruip het?
Which factors contributed to you failing your first year of study?

R: First I can say it was language problem because I had to translate everything from Afrikaans to English. Most of the lectures were given in Afrikaans, as well as the notes. It was very difficult for me to translate and then learn.

F: So, language was a difficulty for you.

R: Al die dosentwerk moes hulle vertaal. Al ons handboeke is in Engels. Jy kry tog nie al die inligting van die dosent af nie. Jy moet tog nog gaan selfstudie doen, en dan moet jy dit in Engels gaan doen ... en die handboeke is nogal in 'n hoë Engels as dit nog op 'n redelike verstaanbare vlak was ... (onduidelik).

F: So, wedersyds, né. Klasmaats moes van Afrikaans na Engels, maar die handboeke had to go from English to Afrikaans.

R: And then again, once you have taken the notes from the tutor, it is not the same as in the textbook, because all the information is already summarized from the notes. So, once you get to the book, it's just like conducting a research because the information from the tutor and from the book is not the same.

F: Hmm ... so there's a bit of a discrepancy between what you've been given in the classroom and what you've seen reflected in the textbooks.

R: Ek sou nie so sê nie. Ek dink as jy dit wat jy in die klas kry net as 'n riglyn gebruik, net daarop uitbrei uit die handboek, dan is dit voldoende. Alles word nie in die klas gesê nie.

R: Ja, dis selfstudie. Ons het selfstudie tyd.

R: Ek sou nie sê dis teenstrydig nie.

F: O.K. so dis nie almal se ervaring nie.

F: So, what about the others.

R: I've found a problem with SFN especially, which is most of our failing subject.

F: What is that, ... sorry.

R: Anatomy and Physiology. I've found it difficult, because the tutor went awfully fast and it was a totally new thing, the things they've been discussing. I've never really did, you know, like the bones, the muscles and that, and they really ran through it. I mean I feel ... (onduidelik) and that played really an important role in the exams.

R: Ja, ek stem daar saam, en dit was 'n groot klomp werk in elke liewe vak wat jy het, wat op jou afgegooi word en daar word van jou verwag om dit te verstaan en te vang wat hulle sê, en dis net te veel vir jou.

R: Baie werk wat jy in min tyd moet doen, en ons het ook baie min periodes ook gehad.

F: So, 'n hoë werkslading teen 'n hoë tempo, né.

R: En die feit dat ons twee verskillende dosente in fisiologie, spesifiek, ook gehad en dit gooi mens ook baie omver. Jy's gewoond aan een, en dan kom die ander een en sy bied die klas heeltemal anders aan.

R: Anatomy and Physiology. You've got to separate them, and you don't really combine them, and in the papers you get your Anatomy apart from the Physiology.

BYLAAG 4 : DATA-ANALISE : HOOFKATEGORIEë

STUDENT	LEERBEGELEIER	OMGEWING
Taal/Vertaal	"Went awfully fast"	
Vaktaal	Onvoldoende terugvoer	Ontgroening
Notes not the same	Verwagtinge onduidelik	Telefoondiens
SFN		Sokkies
Vreemd	Nie oordra/verduidelik	Weermagverpligtinge
Druipvak	"Boring"	Parades
1 + dosente	Let nie op nie	
"Confusing"	Lees uit boek/trans- parante	Klasgrootte
Baie werk	Dosent: Stel nie belang	Nie sien
Wat belangrik	Nie ontoesiasies	Hoor moeilik
Integrasie van inhoud	Lang lesure (periode gebonde)	Agterste lot slaap
Gefragmenteerd	Praktyktoepassing	Geen ontspanning
Verwagtinge onseker	Gee nie individuele aandag	Kuier in stad
Vraestelle	Nie beskikbaar - "toe deure"	Sport
Wat leer		
Hoe leer	Bevraagteken	
Hoe bepunting	Omgee	
Gaping skool/kollege	Vertroue	
Nie gevoer	Nie betroubaar	
Nie genoeg voorberei	Konfidensialiteit	
Wil antwoordstel sien	Evalueringspraktyko	
Nie genoeg geleer		
Alleen		
Onseker oor waar in te skakel		
Nuwe vriendekring		
Nuwe studiemetodes		

STUDENT	LEERBEGELEIER	OMGEWING
Weg van die huis af		
Nuwe omgewing		
Ken niemand nie		
Volwasse gedruk		
Beroepseise - Professioneel		
Sprong kind - volwassene		
Kan nie "cope"		
Entoesiasme		
Vertroue		
Aandag		
"Worry"		
Realiteitskok		
Negatiewe houding		
"Spot"		
"Omgee"		
Steun		
Nuwe vryheid/ onafhanklikheid		
Doen wat wil		
Eie geld		
Dubbel beroep		
"I went the wrong way"		
"Oorboord"		
Niemand dwing leer af nie		

BYLAAG 5 : DATA-ANALISE : HOOFKATEGORIEË EN SUB-KATEGORIEË

STUDENT	DOSENT	OMGEWING
AANPASSING: Taal/Vertaal	KLASAANBIEDING: "Went awfully fast"	BUIE-KURRIKULÊRE VERPLIGTINGE:
Vaktaal	- Nie oordra/verduidelik	- Ontgroening
Notes not the same	- "Boring"	- Telefoondiens
SFN:	- Let nie op nie	- Sokkies
- Vreemd	- Lees uit boek/trans- parante	- Parades
- Druipvak	- Stel nie belang	
- 1 + dosente	- Nie ontoesiasies	FISIESE FASILITEITE:
- "Confusing"	- Lang lesure (periode gebonde)	- Klasgrootte
Bnio work	- Praktyktoepassing	- Nie sien
- Wat belangrik	- Gee nie individuele aandag	- Hoor moeilik
Integrasio van inhoud	VERWAGTINGE: - Nie beskikbaar - "too dense"	- Agterste lot slaap
Gefragmenteerd	- Onvoldoende terugvoer	ONTSPANNING:
Verwagtinge onseker	- Verwagtinge onduidelik	- Kuier in stad
- Vraestelle	- Omgee	- Sport
- Wat leer	- Vertroue	
- Hoe leer	- Nie betroubaar	
- Hoe bepunting	- Konfidensialiteit	
Gaping skool/kollege	- Evalueringspraktyke	
Nie gevoer		
Nie genoeg voorberei		
Wil antwoordstel sien		
Alleen		
Onseker oor waar in te skakel		
Nuwe vriendekring		
Nuwe studiemetodes		

STUDENT	DOSENT	OMGEWING
Weg van die huis af		
Nuwe omgewing		
Ken niemand nie		
Volwasse gedruk		
Beroepseise - Professioneel		
Sprong kind - volwassene		
Kan nie "cops"		
- Entoesiasmo		
- Vertroue		
- Aandag		
"Worry"		
Realiteitskok		
Negatiewe houding		
"Spot"		
- "Omgee"		
- Steun		
Nuwe vryheid/ onafhanklikheid		
- Doen wat wil		
- Eie geld		
Dubbel beroep		
MOTIVERING: "I went the wrong way"		
"Oorboord"		
Niemand dwing leer af nie		
Nie genoeg geleer nie		

BYLAAG : 6

MEMORANDUM

Telefoon : 671-5228

Navrae :

30 Junie 1995

Van :

Aan : Dir Verpleging

TOESTEMMING VIR NAVORSINGSPROJEK : 86770427 PE KAPT M.J.S. WILLIAMS

1. U GG/86770427PE dd 6 Mrt 95 het betrekking.
2. Hiermee word toestemming verleen vir die uitvoer van 'n navorsingsprojek te Verpleegkollege tov bg lid.
3. Geliewe bevindinge en aanbevelings tov die projek na afhandeling aan hierdie seksie beskikbaar te stel vir goedkeuring.
4. Vir u informasie.

(.....)

..... :